

WAT IS DIE WAARHEID?



MET GRUWELIKE MISLEIDING VAN DIË WAT VERLORE GAAN, OMDAT HULLE NIE DIE WAARHEID LIEFGEHAD EN TOT HULLE REDDING AANVAAR HET NIE. – 2 TESS. 2:10.

INHOUD

Voor jy begin lees	p. 3
1. Christus die grondslag van ware kennis	p. 6
2. Die kennis wat deur God se Woord ontvang word	P. 8
3. Sal God se volk verdrukking vryspring	P. 11
4. Wie het wat aan die kruis vasgespyker?	p. 16
5. Spreek in tale	p. 23
6. Dood en opstanding	p. 34
7. Die doop	p. 40
8. Hoe die Sabbat verander is	p. 50
9. Kom uit Babilon	p. 66
10. Geloof en moed	p. 70
11. Die onsekerheid van besluiteloosheid	p. 72

WANDEL IN DIE WAARHEID SOOS IN JESUS EN SY WOORD

VOOR JY BEGIN LEES

Dit lyk of die waarheid deesdae verseker ontwykend is! Sommige mense spandeer 'n leeftyd om dit te probeer vind - en eindig met leë hande. Andere dink hulle het dit gevind, net om te ontdek hulle is van aangesig tot aangesig met dwaalleer. Hulle het 'n bedrogspul aanvaar - en moontlik 'n dodelike bedrogspul.

In hulle poging om te voorkom dat hulle òf as "bekrompe fanatici" òf "godsdienstige dwepers" geëtiketteer word, het baie denkende mense volkome die idee verwerp dat God 'n ware kerk het. Nogtans, diep binne-in elkeen van ons, is daar 'n ingebore begeerte om werklik te ken. Het God vandag 'n beweging [kerk] op aarde? Indien wel, hoe kan ek dit vind?

Jesus se woorde is gerusstellend: **Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.** - Johannes 8:32. Later voeg Hy by: **Heilig hulle in U waarheid; U woord is die waarheid.** - Johannes 17:17. God se Woord openbaar Sy waarheid en miljoene het dit gevind! Hierdie individue het die essensie van Bybelse, Nuwe Testamentiese Christendom weer vir hulself toegeëien. Jy kan onder hulle wees. Jy hoef nie deur dwaalleer mislei te wees nie.

Op een of ander tydstip moet ons almal 'n baie belangrike besluit neem waar ons gaan stelling inneem. Almal, selfs die mees sekulêre persoon, aanvaar 'n soort van opperste waarheid in sy of haar lewe. Waarop sal jou waarheid gebaseer wees? Tradisie of die Woord van God? Die populêre godsdiens of die godsdiens van die Nuwe Testament? Dit is die besluit wat ons almal konfronteer. Weet jy hoekom? Omdat alle instellings verbygaan. Die geestelike lewe glip verby. God se waarheid word

afgewater. Kerke misluk, hulle moet hervorm word. En op een of ander stadium, sal ons 'n besluit moet neem. Gaan ons voort met God se Woord of klou ons eenvoudig aan tradisie vas?

Tradisie kan natuurlik baie gerieflik wees. Ons word groot deur dinge op 'n sekere wyse te doen; ons word gewoond aan 'n sekere geloofsstelsel. Dit kan baie pynlik wees om met gewoontes en tradisie te breek.

Maar wanneer die duidelike leringe van die Skrif ons roep, moet ons luister. Ons moet voorbereid wees om op die Woord van God te staan, selfs wanneer dit ongemaklik is, selfs wanneer dit ons godsdiensroetine omvergooi.

Petrus en die apostels sê in Handeling 5:29: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.

Onthou asseblief, daar is slegs een plek van veiligheid. Instellings kom en gaan, maar die Woord van God bly vir ewig. Kerke verrys en val, maar die Woord van God bly die allergrootste, lewende krag vir hervorming in ons wêreld.

Wil jy kies om 'n besliste standpunt op die duidelike leringe van die Skrif in te neem, maak nie saak hoe ongemaklik of ongerieflik dit mag wees nie?

Ja, laat ons die soewereiniteit van God se Woord vir ons lewens bevestig. Deur God se genade wil ek aan die waarheid vashou deur na meer te reik. Ek wil deel wees van 'n beweging, nie slegs 'n denominasie nie.

Wil jy met my in hierdie toewyding verenig? Wil jy besluit om in genade en kennis aan te hou groei, om aan te hou ontwikkel met God se Woord en om aan te hou om die beginsels van God se Woord te volg?

Dit is die soort oorblyfsel kerk wat God vandag wil hê. Dit is die soort mense wat sal help om die geskiedenis tot 'n klimaks te bring. Dit is die soort geloof wat oor enige en elke teenspoed sal triomfeer. Laat ons verenig om die volgende tree vorentoe te gee om vir onself God se waarhede te ontdek.

Maar raai wat? Noudat jy uitgekamp het, nou dat jy 'n vesting van jou leerstellige posisie gemaak het, is dit moeilik om aan te beweeg. Dit is moeilik om jou wortels uit te trek. Wanneer God se waarheid voort marsjeer, word baie mense agtergelaat. Hulle is so vasbeslote om die beperkte hoeveelheid waarheid wat hulle het te beskerm en te behou, dat hulle faal om die groter inhoud van waarheid wat God begeer dat hulle moet hê te sien.

Jy mag wonder: "Waar is God se oorblyfsel kerk vandag?" Het God vandag 'n beweging [kerk] wat staan op die platform van waarheid wat deur die groot manne en vroue van geloof dwarsdeur die eeue opgerig is? Is daar vandag 'n kerk wat saamgestel is uit die boustene van geloof, wat getrou deur godvresende manne en vroue van vergange eeue gelê is? Is daar 'n beweging [kerk] vandag wat die fakkel van geloof hoog hou?

Ek glo daar is!

In die waarheid-ge vulde bladsye van hierdie boekie, sal jy antwoorde vir jou ernstigste vrae vind. Hierdie boekie kan jou lewe verander. Dit volg 'n verfrissende, eerlike, geen nonsens benadering wat openhartig met sake omgaan. Dit worstel met die stryd tussen waarheid en leuen wat al deur die eeue voortduur. Dit ontmasker Satan se misleidende komplot om die waarheid teen te staan. Dit is my en Estelle se innige begeerte dat die Heilige Gees jou verstand sal lei soos jy hierdie bladsye lees. Sonder die leiding van die Heilige Gees is alle pogings om die waarheid te ontdek tevergeefs.

Met Sy leiding, egter, is die ontdekking van God se wil seker. Mag jou verstand vir Sy leiding oop wees terwyl jy lees.

As jou hart met 'n intense begeerte brand om God se waarhede te volg, hoekom nie nou hierdie gebed bid nie!

Vader, U kan nou in my hart sien; U weet watter stappe ek moet neem. Daar is waarhede wat ek dieper moet verstaan, beginsels wat ek konsekwenter moet toepas. Help my dat ek nie maar net sal uitkamp binne watter ook al leerstellige vesting ek gebore is nie. Help my om in U hande plooibaar te wees. Help my om aan die Waarheid vas te hou deur na meer te reik. Ek bid dit in Jesus se naam. Amen.

Kom ons laat toe dat Sy Lig die duisternis verdryf!

Saamgestel deur: dr. *Hans Koen*

Berg-en-Dal Slot 6,

Lemoenkloof, Paarl.

7646

Tel.: 076 689 9246 of 021 872 8756

e-pos: estellie@telkomsa.net

1. CHRISTUS DIE GRONDSLAG VAN WARE KENNIS

Ons moet die strydvrage van die worsteling waarin ons betrokke is, baie duideliker verstaan as wat ons wel doen. Ons moet die waarde van die waarhede van God se Woord beter verstaan en ons moet beseef hoe gevaarlik dit is om toe te laat dat ons gedagtes deur die groot verleier daarvan afgetrek word.

Ons moet ons van 'n duisend dinge afkeer wat om ons aandag roep. Daar is sake wat tydrowend is en vrae laat ontstaan, maar niks uitrig nie. Die belangrikste dinge moet die aandag kry wat so dikwels aan feitlik onbenullige dinge bestee word.

Om nuwe teorieë aan te neem, bring nie op sigself nuwe lewe in die siel nie. Selfs die kennis van feite en teorieë wat belangrik is, sal van min waarde wees tensy dit prakties gebruik word. Ons behoort ons verantwoordelikheid te beseef om ons siele die voesel te gee wat die geestelike lewe sal voed.

Die vraag wat ons moet ondersoek is: "Wat is waarheid - die waarheid wat gekoester, geliefd, geëer en gehoorsaam moet word?" Die aanbidders van die wetenskap is verlaan en hulle het mismoenig geword in hulle pogings om God te vind. Wat hulle in hierdie tyd moet vra, is: "Wat is die waarheid wat ons in staat sal stel om die saligheid van ons siele te verkry?"

"Wat dink julle van Christus?" - dit is die lewensbelangrike vraag. Neem jy Hom as jou persoonlike Verlosser aan? Aan almal wat Hom aanneem, gee Hy die mag om seuns/dogters van God te word.

Christus het God op só 'n wyse aan Sy dissipels geopenbaar, dat dit 'n spesiale werk in hulle harte gedoen het, soortgelyk aan dié wat Hy graag ook in ons harte wil doen. Daar is baie wat, omdat hulle te veel met die teoretiese dinge behep is, die lewende krag van die Heiland se voorbeeld uit die oog verloor. Hulle sien Hom nie meer as die nederige, selfopofferende dienskneg nie. Wat hulle nodig het, is om Jesus te sien. Elke dg moet ons 'n nuwe openbaring van Sy teenwoordigheid hê. Ons moet Sy voorbeeld van selfverloëning en selfopoffering meer nougeset navolg.

Ons moet die ervaring hê wat Paulus gehad het toe Hy geskryf het: **Ek is met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.** - Gal. 2:20.

1. Ellen White: *Die Helende Hand*, pp. 327-328.

2. DIE KENNIS WAT DEUR GOD SE WOORD ONTVANG WORD

Die hele Bybel is 'n openbaring van die heerlijkheid van God in Christus. As mens dit ontvang, glo en gehoorsaam is, is dit die groot werktuig wat die karakter verander. Dit is die hoofstimulus, die beweegkrag wat die liggaamlike, verstandelike en geestelike kragte opwek en die lewe in die regte kanale stuur.

Die rede waarom die jongmense en selfs volwassenes, so maklik in versoeking gelei word en sonde doen, is dat hulle die Woord van God nie bestudeer en oorpeins soos hulle dit behoort te doen nie. Die gebrek aan besliste wilskrag, wat so dikwels in die lewe en die karakter gesien word, is die gevolg van die veronagsaming van die heilige lering van die Woord van God. Hulle span hulle nie in om die verstand aan dinge te wy wat rein, heilige gedagtes ingee en dit van die onreine en onware afwend nie. Daar is min wat die goeie deel kies wat soos Maria aan die voete van Jesus sit en van die Goddelike Leraar leer. Daar is min wat Sy woorde in hulle hart bewaar en daarvolgens leef.

As die waarhede van die Bybel aangeneem word, sal hulle die hart en die siel verhef. As die Woord van God gewaardeer was soos dit hoort, sou

beide oud en jonk 'n innerlike opregtheid en beginselvastheid besit, wat hulle in staat sou stel om versoekings te weerstaan.

Laat mense die kosbare dinge van die Heilige Skrifte leer en skryf. Laat die gedagtes, die bekwaamheid en die inspanning van die breinkrag aan 'n studie van die gedagtes van God gewy word. Moenie die gissings van menslike filosofieë bestudeer nie, maar bestudeer die filosofie van Hom wat die waarheid is.

Die aardsgesinde gemoed skep geen behae in oorpeinsing van die Woord van God nie; maar vir die gemoed wat deur die Heilige Gees vernuwe is, sal Goddelike skoonheid en hemelse lig uit die heilige bladsye skyn. Wat vir die aardsgesinde gemoed 'n woeste wildernis is, word vir die geestelike gemoed 'n land van lewende strome.

Die geliefde Johannes het 'n kennis gehad wat hy uit eie ondervinding opgedoen het. Hy kon getuig: *Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe - en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is - wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.* - 1 Joh. 1:1-3.

So kan elkeen deur eie ondervinding **sy seël daarop sit dat God waaragtig is.** - Joh. 3:33. Hy kan getuig van wat hy self van die krag van Christus gesien en gehoor en gevoel het. Hy kan getuig: "Ek het hulp nodig gehad en ek het dit in Jesus gevind. Daar is in al my behoeftes voorsien; die honger van my siel is gestil; die Bybel is vir my die openbaring van Christus. Ek glo in Christus, omdat Hy vir my 'n Goddelike

Verlosser is. Ek glo die Bybel, omdat ek gevind het dat dit die stem van God tot my siel is."

DUIDELIKER OPENBARING VAN GOD

Dit is ons voorreg om hoër en steeds hoër te reik, sodat ons duideliker openbarings van die karakter van God kan kry. Toe Moses gebid het: **Laat my tog u heerlikheid sien**, het die Here hom nie bestraf nie, maar sy versoek toegestaan. Die Here het aan Sy dienaar gesê: **Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die Here uitroep**. - Exodus 33:18,19.

Dit is sonde wat ons verstand verduister en ons begrip afstomp. Namate die sonde uit ons harte gereinig word, sal die lig van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus, wat Sy Woord verlig en van die aangesig van die natuur weerkaats word, Hom, die **barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou** (Exodus 34:6), al vollediger aan ons verklaar.

In Sy lig sal ons die lig sien, totdat verstand en hart en siel na die beeld van Sy heiligheid verander is.

Vir diegene wat so die Goddelike versekeringe van God se Woord aanneem, is daar wonderlike moontlikhede. Voor hulle strek groot velde van waarheid en groot kragbronne. Heerlike dinge sal geopenbaar word. Voorregte en pligte wat hulle nooit verwag het om in die Bybel te vind nie, sal geopenbaar word. Almal wat in die pad van nederige gehoorsaamheid wandel en Sy wil doen, sal al meer van die uitsprake van God ken.

Laat die gelowige die Bybel as sy gids neem en onwrikbaar vasstaan vir beginsel en hy kan tot die hoogste prestasies in staat wees. Alle filosofieë van die menslike natuur het tot verwarring en skande gelei wanneer God nie as alles in alles erken is nie. Maar die kosbare geloof wat

deur God ingegee word, gee krag en adel aan die karakter. Namate daar oor Sy goedheid, Sy genade en Sy liefde gepeins word, sal die begrip van die waarheid al helderder word en die begeerte vir reinheid van hart en helderheid van gedagte sal steeds hoër en heiliger word. Die siel wat in die rein atmosfeer van heilige gedagtes woon, word verander deur omgang met God en die studie van Sy Woord. Die waarheid is so groot, so verreikend, so diep en so breed, dat die self heeltelmal uit die oog verloor word. Die hart word tot ootmoed, vriendelikheid en liefde versag en onderwerp.

En die natuurlike kragte word ten gevolge van heilige gehoorsaamheid vermeerder. Na die studie van die Woord van die lewe kan die gelowige daar uitkom met die verstand verruim, verhef en veredel. As hulle soos Daniël hoorders en daders van die Woord van God is, kan hulle ook soos hy in alle vertakkinge van die lewe opgang maak. Omdat hulle rein van hart is, sal hulle ook wilskragtig word. Al hulle verstandelike vermoëns sal aangevuur word. Hulle kan hulle so opvoed en dissiplineer, dat almal binne hulle invloedseer sal sien wat 'n mens kan wees en wat hy kan doen wanneer hy met die God van wysheid en krag verbind is.

2. Ellen White: *Die Helende Hand*, pp. 333,334.

3. SAL GOD SE VOLK VERDRUKKING VRYSPRING?

Hierdie twee vals sieninge vorm deel van die geheime wegraping:

*God se volk sal die "verdrukking" vryspring.

*Diegene wat die wegraping mis, sal 'n tweede kans kry om gered te word.

Sommige mag redeneer: "As die wegraping plaasvind, dan sal ek weet dat God 'n werklikheid is. Selfs al sou dit moeilik wees, kan ek steeds gedurende die verdrukking 'n Christen word en daardie Antichris kêrel weerstaan!" Op hierdie manier, deur 'n traak-my-nieagtige houding van "kom-ons-wag-en-sien" houding in te neem, mag sondaars hulle besluit om hul te bekeer en Jesus nou te volg uitstel. Onvoorbereid.....verlore.

Onversetlike voorstanders van 'n geheime wegraping voor die verdrukking sê: "God sal nie Sy volk toelaat om deur die verdrukking te gaan nie. Hy het ons te lief!" Dink daaroor na. Histories het God se volk deur intense lyding gegaan. Al die dissipels van Jesus, behalwe Johannes, was wreed vermoor. Duisende vroeë Christene is deur wilde diere binne die Kolosseum [skouburg] uitmekaar geskeur. Miljoene ander is verskriklik deur die Inkwisisie gemartel en gedurende die Donker Middeleeue tot as verbrand. Gelowiges in Rusland en China het verskriklik onder kommunisme gely en nogtans sê Christene: "God sal nie toelaat dat ons deur die verdrukking gaan nie!"

Daar is baie verwysings in die Bybel na die lyding wat gelowiges deurmaak. Jesus het vir Sy volgelinge gesê: **In die wêreld sal julle verdrukking hê.** - Johannes 16:33. Paulus het vir die vroeë Christen-bekeerlinge gesê: **Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan.** - Handeling 14:22. Paulus het aan die kerk in Thessalonica geskryf: **Sodat ons self in die gemeentes van God oor julle roem vanweë jul volharding en geloof onder al julle vervolginge en die verdrukkinge wat julle verduur.** - 2 Thessalonicense 1:4. Op die verlate eiland Patmos was Johannes **ons broeder en deelgenoot in die verdrukking.** - Openbaring 1:9. Jesus het vir Sy kerk in Smirna gesê: **Ek ken jou werke en verdrukking.** - Openbaring 2:9. In die lig van hierdie Skrifgedeeltes lyk die idee van Christene om die verdrukking vry te spring na fantasie en illusie.

Sommige mag reageer deur te sê: "Ja, maar daardie verse praat van "verdrukking" en nie "die verdrukking" nie. Weer eens, dink daaroor na. Indien die meerderheid van die Bybel se tekste oor "verdrukking" verwys na wat gelowiges deurgaen, hoekom sal God se Woord skielik verander deur te leer dat "die verdrukking" iets is waardeur gelowiges nie sal gaan nie?

Baie pro wegraping voorstanders argumenteer ook: "As God se volk deur die verdrukking gaan, hoekom word die Kerk dan nie na Openbaring 4 genoem nie?" Kom ons bekyk dit van naderby. In Openbaring 4:1 word vir Johannes gesê: **Kom op hierheen**. Mense kom tot die gevolgtrekking dat dit die wegraping verteenwoordig en hulle dink die Kerk word nie meer genoem nie. Eerstens, Johannes gaan in werklikheid in Openbaring 4:1 nie Hemel toe nie. Hy was eenvoudig in 'n visioen opgeneem, terwyl sy voete op Patmos gebly het. Tweedens, die Kerk is na Openbaring 4 op die aarde. Hoe weet ons dit? Omdat Openbaring sê dat die dier sal **oorlog voer teen die heiliges** (13:7), daarna lees ons van **die geloof van die heiliges** (v.10) en laastens, gedurende die krisis wat die merk van die dier veroorsaak, verwys Openbaring na **die gelowiges wat die geloof van [en in] Jesus bewaar** (14:12).

Sommige mag reageer deur te sê: "Hulle is die gelowiges in die verdrukking na die wegraping, nie die Kerk nie." Maar oorweeg die volgende: Paulus het sy Nuwe Testament-briewe aan die "gemeentes van die heiliges" geskryf (1 Kor. 14:33). Wat sê dit vir ons? Waar ook al daar gelowiges is, daar is die Kerk! Selfs indien die gelowiges in Openbaring 13 en 14 genoem slegs die gelowiges in verdrukking na die wegraping is, sal hulle nie, as opregte gelowiges in Jesus Christus, steeds die Kerk wees nie?

Leermeesters van die geheime wegraping beweer die Kerk sal nie vir Armageddon hier wees nie. Is dit waar? Die woord "Armageddon" word

slegs een keer in die hele Bybel, Openbaring 16:16, gebruik. Dit is die belangrike hoofstuk omtrent die val van die sewe laaste plaë. Net voor vers 16, gedurende die tyd van die plaë, wekroep Jesus Christus: **Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon.** - Openbaring 16:15-16.

Het jy dit gesnap? Met wie praat Jesus? Met die Kerk! Ten tyde van vers 15, terwyl die plaë val, wat definitief gedurende die verdrukking is, en reg voor die slag van Armagéddon, het Jesus nog nie as 'n dief gekom nie! Daarom moet Hy as 'n dief by Armagéddon, na die verdrukking, kom en dit moet die tyd wees wanneer Hy kom om Sy Kerk bymekaar te maak.

Soos 'n goeie bevelvoerder dring Paulus by die soldate van die kruis daarop aan: **Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.** - Efesiërs 6:13. Ons moet in die dag van onheil staande bly. Hoe kan ons as ons vantevore weggeraap is? Jesus Christus het ook gesê: **Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.** - Mattheüs 24:13. Hoe lank moet ons volhard? Tot die einde!

Wat omtrent die "tweede kans" idee? Eerstens, God het elkeen van ons meer as 'n "tweede kans" gegee. Wanneer ons sondig en Sy liefde weerstaan, gee Hy ons ontelbare kanse om 'n volle oorgawe aan Sy genade te maak. Die boodskap van die evangelie weerklink aanhoudend tot sondaars: **Christus [het] vir ons sondes gesterf** - 1 Korinthiërs 15:3; **Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word.** - Handeling 16:31; **Bekeer julle en glo die evangelie.** - Markus 1:15. Maar uiteindelik sal God se lankmoedigheid opraak en die Engel van Barmhartigheid sal sy finale vlug onderneem. Die mensdom het die verborge grens tussen God se lankmoedigheid en Sy wraak oorskry.

Paulus het geskryf dat almal wat nie ten volle aan die Here se kant is wanneer die ware gelowiges **weggevoer word.... sal sekerlik nie ontvlug nie.** - 1 Thessalonicense 4:17; 5:3. Vir hulle is hul tweede, derde, vierde en duisendste kans verby. Jesus het ook gesê: **Net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.** - Mattheüs 24:37. Nadat die deur van die ark gesluit het, was alle pogings om binne te gaan tevergeefs. Dit was te laat. Paulus het ook geskryf: **Kyk, nou is die dag van heil.** - 2 Korinthiërs 6:2. Vriend, dit is so! Moenie jou besluit om Jesus Christus te volg uitstel nie. As jy nie "weggevoer" word wanneer die Here uit die hemel neerdaal nie, het jy jou kanse verbrou vir ewig.

Hier is 'n verdere sleutelgedagte voor ons dié bespreking afsluit. As die leerstelling van 'n geheime wegraping-voor-die-verdrukking vals is, beteken dit vanselfsprekend dat ons - indien ons dan nog lewend is - nie slegs deur die finale verdrukking op die aarde sal moet gaan nie, maar ook die Antichris en sy "dodelike merk sal moet trotseer" (vgl. Openbaring 14:9-10). Hier is die grootste probleem. Baie Christene is hiervoor doodbang. Dit lyk dus asof vrees - 'n vrees vir die dier - dikwels die oorsaak is vir baie se desperate pogings om aan die wankelrige wegraping-voor-die-verdrukking teorie vas te klou.

Dit is hartseer dat die leerstelling van 'n geheime wegraping-voor-die-verdrukking die groot evangeliese noodklousule vir die vryspring van die eindtye geword het. En vir diegene wat dit so wil hê, sal geen afdoende bewyse hulle van standpunt laat verander nie. Hulle is eenvoudig vir die waarheid ontoeganklik. Die resultaat? **Die waarheid word verwerp.**

Christene moet 'n les leer van populêre plakkers en T-hemde wat sê: "Geen Vrees." Die waarheid is, ons hoef nie bang te wees nie, want Jesus het belowe: **Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.** - Mattheüs 28:20. **God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid**

gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. -
2 Timotheüs 1:7.

3. Steve Wohlberg: *End Time Delusions*, pp. 33-36.

Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. - Openb. 7:14.

4. WIE HET WAT AAN DIE KRUIS VASGESPYKER?

Die Twee Wette

Ongeveer 2000 jaar gelede het Romeinse soldate 'n heilige Man aan 'n kruis vasgespyker. Hierdie mans het nie besef wie die Man was, of wat hulle regtig doen nie. Hierdie Man het gebid: **Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.** - Lukas 23:34.

Die kruisiging van Jesus Christus was 'n heilal-skuddende gebeurtenis, wat 'n nuwe era van wêreldgeskiedenis geopen het en 'n toekomstige tyd wanneer sonde en sondaars nie meer sou bestaan nie, verseker het. Dan sal die intelligente skepping die ware God aanbid en die voorskrifte van Sy heilige wet gehoorsaam.

iets aan die kruis vasgespyker

Die twee wette: moreel en seremonieel

Die sterwende Seun van God self, so word daar gesê, het iets aan die kruis gespyker. Die apostel Paulus praat hiervan in dié woorde: **En die**

skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael. - Kolossense 2:14.

Dit beteken nie dat Jesus werklik 'n hamer geneem en 'n rol met insettinge aan Sy kruis gespyker het nie. Maar dit dui aan dat 'n wet of stel wette met Sy dood geëindig het. Wat kan dit wees?

Later, in 'n ander Skrifgedeelte, praat Paulus weer hiervan. **Deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan.** - Efesiërs 2:15.

Dit is heel vanselfsprekend dat daar meer as een tipe of soort wet in die Bybel moet wees. Ons weet dat die morele wet van God - die Tien Gebooie - nie by Golgota geëindig het nie. Honderde gedeeltes in die Bybel sê dit vir ons. Dit is vandag net so verkeerd om te steel, te vermoor, owerspel te pleeg of enige ander van die Tien Gebooie te oortree as wat dit ooit was.

Christus het nie gekom om die morele wet tot niet te maak nie, maar Hy het gekom om dit te vervul: dit is, om ons 'n perfekte voorbeeld te gee om dienooreenkomstig te leef. Daarbenewens gee Hy vir ons die instaatstellende krag, soos ons aan Sy sy bly, om dit ten volle te gehoorsaam.

Inderdaad, as God die wet, wat die standaard van alle moraliteit is, sou tot niet maak, sou dit nie vir Christus nodig gewees het om aan die kruis te sterf nie. God se morele wet is so blywend soos Sy eie karakter!

DRIE Tipes BYBELSE WETTE

Daar is verskeie soorte wette in die Bybel.

Eerstens is daar die groot morele wet van die Tien Gebooie.

Hierdie wet was deur die vinger van God self op soliede klip geskryf (Eksodus 31:18). Dit is hierdie wet waarvan God self gesê het: **Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.** -Matt. 5:17-18.

Tweedens is daar die seremoniële, offerande wette wat die diere offerandes, wat na die dood van Christus heenwys, gereël het.

Derdens is daar die siviele wette van die Joodse volk wat die baie sake rakende misdaad, hofprosedures, siektebeheer, ens. gereël het.

Toe die Joodse volk, as God se uitverkore volk, tot 'n einde gekom het, het die siviele wette natuurlik verval.

TOE HULLE AFGESKAF IS

So wat was dit wat aan die kruis gespyker was? Dit was die seremoniële wette, die reëls en regulasies wat die diere offers gereël het - alles wat na die dood van Christus heengewys het. Hierdie reëls was gegee om mense, deur die eeue, daaraan te herinner dat hulle sondes slegs deur die Messias, wat eendag sou kom, vergewe kon word.

Dit was die seremoniële wette wat aan die kruis gespyker was, **die wet van gebooie wat in insettinge bestaan** (Efesiërs 2:15); **die insettinge wat ons vyandig was.** - Kolossense 2:14.

Die Tien Gebooie was nie insettinge nie en hulle is nie deur die hand van 'n mens geskrywe nie. God het hulle met Sy eie vinger op soliede rots geskryf. Die Tien Gebooie is 'n weerspieëling van God se karakter.

So was dit die oomblik toe Christus aan die kruis gesterf het - weg was dit met die bloedoffers, die vleis- en drankoffers, die spesiale jaarlikse heilige dae soos die Paasfees, ens.

Al hierdie heenwysende handeling en jaarlikse heilige dae het na Christus en Sy dood op Golgota heengewys.

Dit is van die grootste betekenis dat, op die presiese oomblik van Christus se dood, die voorhangsel van die Tempel in Jerusalem van bo tot onder in twee geskeur het! (Mattheüs 27:51). Dit dui duidelik aan dat die seremoniële stelsel van wette en insettinge tot 'n einde gekom het in soverre dit God aangaan.

Ten einde dit op 'n dramatiese wyse uit te druk het Paulus gesê dat Christus daardie insettinge aan die kruis gespyker het.

DIE JAARLIKSE SABBATTE

Ingesluit by hierdie insettinge wat by Golgota tot 'n einde gekom het, was die skadu sabbatte. Dit was jaarlikse (nie weeklikse nie) byeenkomste. Hulle almal het tot 'n einde gekom, in soverre dit God aangaan, met die dood van Christus.

Byvoorbeeld, 'n belangrike een was die Paasfeesdiens wat in die lente van die jaar gehou was. Dit word in besonderhede in Eksodus 12:21-49 verduidelik:

Moses het toe al die oudstes van Israel laat roep en aan hulle gesê: Gaan haal vir julle kleinvee vir julle families en slag die pasga. - Eksodus 12:21. Dan moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan die Here, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het. Toe het die volk in aanbidding neergebuig. - Eksodus 12:27.

Hierdie simbool wys vanselfsprekend heen na Christus se dood aan die kruis wat almal wat Hom as hulle Redder sou aanvaar, verlos.

TWEE SOORTE SABBATTE

Nou is dit baie belangrik dat ons duidelik moet begryp dat daar twee soorte sabbatte is!

Eerstens is daar die weeklikse Sabbat. God se volk word beveel om op die sewende dag van elke week, week na week, te rus. Hierdie weeklikse Sabbat word in die Vierde Gebod beveel: **Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou diensknege of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig.** - Eksodus 20:8-11.

Inderdaad sal dit nie slegs totdat Christus vir Sy volk terugkeer onderhou word nie, maar ook daarna op die nuutgemaakte aarde!

En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou. - Openbaring 12:17.

Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof van [en in] Jesus bewaar. - Openb. 14:12.

Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die Here, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees. En elke maand op die nuwemaan en elke week op

die Sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die Here. - Jesaja 66:22-23.

Let daarop dat terwyl die seremoniële sabbatte na die dood van Christus, wanneer hulle sou eindig, heenwys, die Bybelse Sabbat as 'n gedenkteken onderhou was en steeds onderhou word as herinnering aan die groot waarhede van die Skepping van ons wêreld in sewe dae.

Dit is omdat God spesifiek die sewende dag as 'n spesiale, weeklikse rusdag opsygesit het - en Hy het dit op die sewende dag van die skeppingsweek gedoen. **So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.** - Genesis 2 :1-3.

Sodat daar geen onsekerheid daaromtrent moet wees dat die mensdom hierdie weeklikse Sabbat moet onderhou, het God dit met Sy eie vinger in die Tien Gebooe ingeskryf (Eksodus 20:8-11). Hy het dit in die hart van die morele wet geplaas.

In teenstelling daarmee het die seremoniële wette by die kruis geëindig en word na verwys as "skadubeeld sabbatte", omdat hulle Christus se dood voorspel het. Hulle word ook "feesdae" genoem.

Hier is een Skrifgedeelte in die Nuwe Testament waar Paulus hierdie jaarlikse seremoniële sabbatte vermeld: **Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.** - Kol. 2:16-17.

VERGELYK DIE TWEE WETTE

Kom ons vergelyk nou die twee wette: die morele wet (die Tien Gebooue) en die seremoniële wette (voorskrifte in insettinge vervat):

1. Die morele wet is 'n perfekte wet.
Die seremoniële wette is onvolmaakte wette.
 2. Die morele wet is op sigself geestelik.
Die seremoniële wette is nie op sigself geestelik nie.
 3. Die morele wet openbaar 'n kennis van sonde.
Die seremoniële wette was as gevolg van sonde ingestel.
 4. Die morele wet was deur God self gespreek.
Die seremoniële wette was deur Moses gespreek.
 5. Die morele wet was deur die Here self, met Sy eie vinger, op twee kliptafels geskryf.
Die seremoniële wette was deur Moses in 'n boek geskryf.
 6. Die morele wet was binne-in die verbondsark geplaas.
Die seremoniële wette was buitekant die ark, aan die sykant, geplaas.
 7. Die morele wet is ewig en vereis daarom gehoorsaamheid van almal.
Die seremoniële wette is afgeskaf en gehoorsaamheid daaraan word nie langer vereis nie.
4. Vance Ferrell: *The Bible Guide*, pp. 397-411.

Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooue van God en die geloof van [en in] Jesus bewaar. - Openb. 14:12

5. SPREEK IN TALE

DIE WARE GAWE VAN TALE

Kom ons begin met 'n definisie. Die woord 'tale' in die Bybel beteken eenvoudig 'n taal'. God gee vir ons al die gawes van die Gees om 'n praktiese behoefte te vervul. Wat was die behoefte vir tale? Jesus het vir Sy volgeling gesê: **Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.** - Matt. 28:19. Hierdie opdrag het 'n probleem geskep. Hoe kon die apostels vir die hele wêreld gaan preek as hulle slegs een of twee tale kon praat? Jesus se dissipels was baie intelligent, al het die meeste van hulle nie formele onderrig gehad nie. Ten einde die groot opdrag te kon vervul, het Hy beloof om vir hulle 'n unieke gawe deur die Heilige Gees te gee. Dit was 'n wonderbaarlike, bonatuurlike vermoë om ander tale te praat wat hulle nie voorheen formeel geleer of geken het nie om sodoende die Evangelie te kan versprei. **En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg:.... met nuwe tale sal hulle spreek.** - Markus 16:17.

Die feit dat Jesus gesê het dat hierdie nuwe tale 'n "teken" sou wees, dui aan dat die vermoë om dit te praat nie sou kom as gevolg van normale taalstudie nie. Dit sou eerder 'n onmiddellike gawe wees om vloeiend in 'n ander taal, wat hulle nie ken nie, te preek.

Daar is slegs drie werklike voorbeelde van die praat van tale in die Bybel opgeteken - Handeling 2, 10 en 19. Deur hierdie drie gevalle te ondersoek, behoort ons 'n duideliker beeld te kry van hierdie kontroversiële gawe.

En toe die dag van die Pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle

gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek. - Hand. 2:1-4.

Vuur is 'n simbool van krag. God het hierdie gawe in die vorm van tonge van vuur gestuur, sodat hulle kon weet dat Hy hulle swakke tonge op dieselfde manier sou krag gee as wat Hy vir Moses versterk het om voor Farao te verskyn (Eks. 4:10-12), en Jesaja se lippe met 'n kool van die hemelse altaar aangeraak het (Jes. 6:6,7).

Waarom het die Here gewag tot Pinkster om hierdie gawe te gee? Handeling 2:5-11 beskryf die toneel: **En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is. En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie? En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is ... ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek.**

Pinksterdag was 'n Joodse heilige dag, 50 dae na die Paasfees. Toegewyde Israeliete het vanuit alle dele van die Romeinse ryk gekom om in Jerusalem te aanbid. God het hierdie tydige geleentheid gekies om hierdie gawe van tale op die dissipels uit te stort, sodat hulle vir die besoekende Jode in hulle eie tale kon preek. Daar was ten minste 15 verskillende taalgroepe in die skare daardie dag verteenwoordig (Hand. 2:9-11). As gevolg hiervan is duisende van hierdie besoekers bekeer. Na Pinksterdag kon hulle met hulle nuwe geloof na hulle onderskeie lande terugkeer.

Uit hierdie voorbeeld is dit dus heeltemal duidelik dat die gawe van tale gegee was om die evangelie in verskillende bestaande tale van die wêreld te kommunikeer. Sommige het verkeerdelik voorgestel dat die wonderwerk op Pinksterdag 'n gawe was om verskillende tale te hoor en te verstaan. Dit was nie 'n gawe van gehoor wat aan die luisteraars gegee was nie, maar eerder 'n gawe van die Gees wat gegee was om die gelowiges in staat te stel om te praat (Hand. 2:4). Dit word nie die gawe van gehoor vir die luisteraars genoem nie, maar die gawe van tale vir die sprekers. Verder was die teken ook nie ore van vuur op die luisteraars nie, maar tonge van vuur op diegene wat gepreek het.

Daar word ook somtyds voorgestel dat die gawe van tale 'n "hemelse taal" is wat slegs deur God of diegene wat die gawe van interpretasie het, verstaan kan word. In Handeling 2 stel die Bybel dit duidelik dat beide die dissipels en diegene wat geluister het, verstaan het wat gespreek was - **die wonderlike dade van God** (vers 11).

Kom ons kyk nou na die tweede voorbeeld waar Petrus met Kornelius en sy huishouding gespreek het: **En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het. En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is. Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak.** - Hand. 10:44-46.

Handeling 10:1 sê vir ons dat Kornelius 'n Italianer was, terwyl Petrus 'n Jood was en Aramees gepraat het. Die geskiedenis bevestig ook dat die diensknegte in 'n Romeinse huis van enige deel van die wêreld kon gekom het. Omdat daar dus vanselfsprekend taalversperrings by hierdie byeenkoms sou wees, het Petrus heelwaarskynlik deur 'n vertaler begin preek. Toe die Heilige Gees egter op Kornelius en sy huishouding uitgestort is, kon die Jode saam met Petrus verstaan wat die Heidene in

ander tale as hulle eie gepraat het. Die verslag is dat die Jode gehoor het hoe hulle **God groot gemaak het** in hierdie tale. Petrus het later hierdie ondervinding soos volg aan die kerkleiers meegedeel: **Het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin.** - Hand. 11:15.

Petrus sê duidelik hier vir ons dat Kornelius en sy familie dieselfde gawe van tale op soortgelyke wyse as die dissipels op Pinksterdag ontvang het. Met ander woorde, hulle het in verstaanbare tale gepraat wat hulle nie voorheen geken het nie.

Die derde en finale voorbeeld van praat in tale is toe Paulus vir 12 Efesiëse dissipels gepreek het. Handeling 19:6 verklaar: **En Paulus het hulle die hande opgelê en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer.**

Paulus was die mees geleerde en wydbereise van al die apostels en hy kon verseker baie tale praat (1 Kor. 14:18). Toe die Heilige Gees hierdie 12 Efesiërs vervul het, het Paulus besef dat hulle in ander tale profeteer, of preek. Heelwaarskynlik het hulle in tale gepraat wat algemeen deur die Romeinse ryk bekend was, aangesien dit prakties sou wees om die evangelie te versprei. Lukas sê nie dat hulle 'n vorm van tale verskillend van die eerste twee voorbeelde ontvang het nie en daarom moet ons aanneem dat dit dieselfde tipe gawe was as wat op Pinksterdag gegee was.

Jy sal vind dat die enigste kere wat die gawe van tale met die uitstorting van die Heilige Gees geassosieer was, was wanneer mense uit meer as een taalgroep saam was en daar dus taalversperrings was.

Let daarop dat in Handeling 4 jy 'n herhaling het van die ondervinding wat in Hoofstuk 2 beskryf word. Die plek het geskud en hulle was met die Heilige Gees vervul, maar omdat daar geen buitelanders teenwoordig was nie, was die gawe van tale afwesig. Handeling 4:31 sê: **En toe hulle gebid**

het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek.

Die doel van die doop met die Heilige Gees is nie om onverstaanbare klanke te mompel of te babbel nie, maar eerder om die krag te hê om te preek. Dit is waarom Jesus gesê het, **maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.** - Hand. 1:8.

HEMELSE GEBEDSTAAL

Baie van my charismatiese vriende sal saamstem dat die tale waarvan in die boek Handelingte gepraat word, normale tale van die wêreld was. Hulle voeg egter vinnig by dat daar 'n tweede gawe is - 'n hemelse gebedstaal. Hierdie gawe, sê hulle, is om die Gees se **onuitspreeklike sugtinge** (Rom. 8:26), uit te druk. Die doel, sê hulle, is sodat die duiwel nie ons gebede kan verstaan nie. Ons word nêrens geleer om ons gebede vir die duiwel te verberg nie. Hy sidder wanneer hy Christene hoor bid! Hierdie leerstelling van 'n gebedstaal is hoofsaaklik gebaseer op 1 Kor. 14:14 waar Paulus sê: **Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar.**

Hulle vertolk dit om te beteken dat wanneer Paulus in die gees gebid het, hy 'n "hemelse taal" gebruik het en self nie geweet het wat hy gebid het nie. Hierdie teorie bring 'n belangrike vraag ter sprake: Hoe sou die persoon wat bid ooit weet of sy gebed beantwoord was?

Wat sê Paulus dus in werklikheid hier in 1 Kor. 14:14? Die probleem om hierdie verse te verstaan ontstaan grootliks uit die omslagtige vertaling. Gun my die geleentheid om die verse in spreektaal te vertaal: "As ek in 'n taal bid wat diegene rondom my nie verstaan nie, kan ek wel met die Gees

bid, maar my gedagtes sal nutteloos wees vir diegene wat luister." Paulus is vasbeslote dat wanneer ons hardop bid, ons so moet bid dat andere rondom ons dit kan verstaan of anders moet ons stilbly! Let op die volgende paar verse: **Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing. Anders, as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van 'n onkundige inneem, amen sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie?** - 1 Kor. 14:15,16. Volgens hierdie teks, wie het die probleem om te verstaan? Dit is die luisteraar en nie die spreker nie soos wat oor die algemeen geleer word. Indien jy al ooit saam met iemand gebid het wat bid in 'n taal wat jy nie ken nie, dan weet jy wat Paulus bedoel wanneer hy sê dat dit moeilik is vir jou om "Amen" te sê (wat beteken "laat dit so wees") aan die einde van die gebed. Sonder 'n tolk het jy geen idee van wat jy goedkeur nie. Jy het dalk so pas 'n seën op die duiwel gevra vir al wat jy weet!

Dit is baie duidelik uit die konteks van 1 Kor. 14 dat die doel daarvan om in tale, of in ander tale, te praat is om die evangelie te kommunikeer en daardeur die lidmate geestelik op te bou. Indien die luisteraars nie die taal wat gepraat word, verstaan nie, kan hulle nie geestelik opgebou word nie. Gevolglik, indien daar nie 'n tolk is nie praat die spreker eenvoudig in die wind en die enigstes wat sal weet wat gesê word, is hyself en God. Dit is die duidelike betekenis van die dikwels verkeerd-aangehaalde vers 2. **Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede.**

Paulus beklemtoon weer eens dat die tale wat gespreek word deur die hoorders verstaan moet word of anders sal die persoon wat die geheimenisse van die evangelie wil verkondig, slegs in meditasie met God moet stilsit. **Net so julle ook, as julle met die tong geen verstaanbare**

woord uitbring nie, hoe sal 'n mens weet wat gesprek word? Want julle sal wees soos mense wat in die wind praat. Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy in die gemeente swyg, en laat hy met homself en met God spreek (verse 9, 28). Dit is dus duidelik dat die hele doel van in tale spreek, is om taalversperring te oorbrug om sodoende die evangelie te verkondig!

Sommige het gevra: Het Paulus nie gesê dat hy in die taal van engele praat nie? Nee, Paulus het gesê, **Al sou ek die taal van mense en engele spreek....** - 1 Kor. 13:1. Indien jy hierdie vers in sy konteks lees, sal jy sien dat die woord "al" selfs "as" beteken. Byvoorbeeld, Paulus het ook in vers 2 gesê, **Al sou ek al die geloof hê...** Hy het nie alle geloof gehad nie. En vers 3 voeg by, **Al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word.....** Paulus was onthoof, nie verbrand nie. Ons kan dus sien dat hierdie woord "al" gebruik word om te beteken "selfs as."

KREATIEWE NAMAAKSEL

Die ware gawe van tale is 'n magtige middel om die evangelie mee te verkondig. Onthou egter dat die duiwel 'n vervalsing vir elke waarheid van God het.

Glossolalie (glô' se-lâ'lê-e) is die woord wat dikwels gebruik word om die gewilde ondervinding te beskryf wat in die meeste charismatiese kerke plaasvind. Dit word in die *American Heritage Dictionary* gedefinieer as: "Betekenislose, gefabriseerde spraak, veral sodanige spraak wat met 'n toestand van geestesvervoering of sekere skisofreniese sindrome geassosieer word."

Vergelyk dit met dieselfde woordeboek se definisie van 'n taal: "Die gebruik deur mense van stemklanke en dikwels geskrewe simbole wat hierdie klanke verteenwoordig, in georganiseerde kombinasies en patrone

ten einde gedagtes en gevoelens uit te druk en te kommunikeer." Volgens enige definisie is die onsamehangende klanke van glossolie nie 'n taal nie.

Glo my, ek het hierdie gebruik al dikwels gesien. In een charismatiese kerk wat ek bygewoon het, was die pastoor en sy vrou 'n "talespan." Elke week in die middel van die pastoor se preek het die vrou opgespring, haar arms in die lug gegooi en in ekstase geluide gemaak. Sy het egter altyd dieselfde ding gesê: "Handa kala shami, handa kala shami, handa kala shami...." Aanhoudend. Dit het my onmiddellik agterdochtig gemaak, omdat Jesus gesê het, **En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie.** - Matt. 6:7.

Elke keer wat dit gebeur het, sou die man ophou preek en 'n twyfelagtige Engelse vertaling vir haar sogenaamde boodskap gee. Gewoonlik het dit begin met "So sê die Here." Ten spyte van die feit dat sy altyd die woorde "handa kala shami" herhaal het, was die pastoor se vae vertolking egter elke keer anders - en soms drie keer langer as die geluide. Ek het gewonder waarom, as dit 'n boodskap van God was, Hy dit nie dadelik vir ons in Afrikaans gegee het nie.

Die duiwel gebruik nou hierdie vervalste gawe van tale, net soos 'n Trojaanse perd, om heidense aanbiddingstyle in Christelike kerke te vestig met 'n skrikwekkende mate van sukses. Satan wil die aandag van Christene vanaf geloof na gevoel verskuif. Sommige van hierdie charismatiese kerke gaan so ver as om te sê dat die Bybel die ou brief is, en dat boodskappe wat deur tale kom, vars openbarings van die Gees is en daarom meer betroubaar is.

Die verhoog is dus nou voorberei vir Satan se finale vertoning!

HOE GOD SE GEES ONS BEÏNVLOED

Die begrip dat 'n persoon wat "die gees ontvang het" op die grond moet neerval en moet rondrol en mompel, is 'n belediging vir die Heilige Gees. Die rede waarom God vir ons Sy Gees gee, is om Sy beeld in ons te herstel - nie om ons van alle waardigheid en selfbeheersing te beroof nie!

Op die berg Karmel het die heidense profete van Baäl op die altaar gespring en gekree en geklae. Hulle het geprofeteer en hulself stukkend gesny. In teenstelling daarmee het Elia stil neergekniel en 'n eenvoudige gebed gebid (1 Kon. 18:17-46).

Want God is nie 'n God van wanorde nie. - 1 Kor. 14:33. Indien God nie verantwoordelik optree nie, wie sal dan?

Die idee dat ons beheer verloor wanneer ons die Gees ontvang, is nie in ooreenstemming met die Skrifte nie. **En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe.** - 1 Kor. 14:32.

Hier is 'n ander goeie voorbeeld. Nadat Jesus 'n versteurde, duivelbesete man by die see genees het, het hulle gesien hoe hy **aan die voete van Jesus sit, gekleed en by sy verstand.** - Lukas 8:35. Die uitnodiging van God is: **Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here.** - Jes. 1:18. Hy wil hê dat ons ons verstand moet gebruik.

Sommige van julle wat hierdie studie lees, dink ongetwyfeld: "Hoe durf jy hierdie dinge sê? Ek het vir jare in tale gepraat en weet dat dit van God kom!" As Christene moet ons nooit ons gevolgtrekking op ons gevoelens en emosies baseer nie. Sekerlik kan die duivel ons ook goed laat voel. Ons moet eerder ons oortuigings op die onfeilbare Woord van God baseer.

'n Vriend van my was 'n aktiewe charismaat wat dikwels in tale gepraat het. Toe hy hierdie dinge bestudeer het, het hy begin twyfel of hierdie "gawe"

van die regte gees was. Hy het opreg gebid en gesê: "Here, indien hierdie nie U wil is nie en ek nie die ware gawe van tale ervaar nie, neem dit asseblief weg!" Hy het vir my gesê dat van daardie dag af die ondervinding van glossolalie nooit terugkeer het nie. 'n Ware Christen moet gewillig wees om elke gekoesterde sienswyse en gewoonte op die altaar van God se wil te plaas en enige gebruik wat twyfelagtig is, laat vaar - ongeag hoe gewild, aanvaarbaar, of geliefd dit onder andere Christene is. Daar is sommige dinge wat hoog by mense aangeskryf word, maar wat 'n gruwel in God se oë is (Lukas 16:15).

GEBABEL IN BABILON

Waarom is dit vandag so belangrik vir ons om die onderwerp van tale te verstaan? Ek glo dat die moderne charismatiese beweging in die Bybelse profesie voorspel is.

Openbaring sê vir ons in Hoofstuk 18: **En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon... En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaas ontvang nie (verse 2,4).**

Ons moet onthou dat een van die hoofkaraktertrekke van antieke Babilon by die toring van Babel 'n verwarring van tale was (Genesis 11:7-9). Openbaring sê vir ons dat in die laaste dae God se volk uit Babilon en sy vervalste, godsdienstige stelsels geroep sal word.

En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. - Openb. 16:13. Die uitdrukking "uit die bek" verteenwoordig spraak en moet asseblief nie die feit miskyk dat 'n padda se grootste wapen sy tong is nie. Onrein tale? Miskien is God besig om ons iets te vertel. Onthou dat die verwarring van tale by Babel nie 'n seëning van die Gees

was nie, maar eerder 'n vloek op hulle rebellie. In der waarheid kom ons moderne woord "gebabbel" van die verhaal van antieke Babel. By Pinkster was die vloek van Babel omgekeer, sodat andere die evangelie kon verstaan.

AAN DIE GEHOORSAMES GEGEE

Ek het mense ontmoet wat vir my vertel het dat hulle met die Heilige Gees gedoop is, omdat hulle in tale praat; nogtans het hulle 'n sigaret in die een hand en 'n kannetjie bier in die ander hand vasgehou. Laat ons nou iets baie duidelik verstaan: Daar is 'n paar basiese vereistes om hierdie kosbare gawe van die Heilige Gees te ontvang.

Jesus sê: As julle My liefhet, bewaar my gebooe. En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid; die Gees van waarheid. - Joh. 14:15,16,17.

En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is. - Hand. 5:32.

'n Paar jaar gelede het verskeie beroemde TV-evangeliste van die pad afgedwaal. Hulle het almal daarop aanspraak gemaak dat hulle met die Heilige Gees vervul is en die gawe van tale het. Hulle het egter in afstootlike, immorele ongehoorsaamhede geleef. Hulle sou op TV in tale praat, dan die ateljee verlaat om 'n lewe te leef wat hulle in die verleentheid gebring het. Iets is net nie reg nie. Hierdie mense het my ook laat wonder: "Indien hierdie die werklike gawe van tale is, waarom het hierdie charismatiese evangeliste 'n leërmag van tolke nodig om vir hulle te vertaal wanneer hulle oorsee preek?"

Waarom gee God die Heilige Gees? Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees. -

Hand. 1:8. God gee nie vir ons die Heilige Gees om te babbel nie, maar vir krag om te kan getuig!

Hoe kan ons die ware gawe van die Heilige Gees ontvang? Onderwerp jouself volkome aan God, wees gewillig om andere te vergewe, gehoorsaam Hom en vra. Lukas 11:13 sê: **As julle dan wat sleg is, weet om goeie gewes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?**

5. Uittreksel uit 'n artikel deur Doug Batchelor oor die spreek in tale.

God is nie 'n God van wanorde nie, maar van orde..... Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan. - 1 Kor. 14:33,40.

6. DOOD EN OPSTANDING

DIE AARD VAN DIE DOOD

As dood die beëindiging van lewe is, wat sê die Bybel omtrent 'n persoon se toestand in die dood?

DOOD IS 'N SLAAP

Dood is nie volkome uitwissing nie - dit is slegs 'n toestand van tydelike onbewustheid, terwyl die persoon wag op die opstanding. Die Bybel noem hierdie tussentoestand 'n slaap. Job noem dood "'n slaap" (Job. 14:10-12). So ook Dawid (Ps. 13:4; Jeremia (Jer. 51:39; 57) en Daniël (Dan. 12:2).

Die Nuwe Testament gebruik dieselfde beeldspraak. Toe Jesus die toestand van Jairus se dogter, wat dood was, beskryf het, het Hy gesê dat sy slaap (Matt. 9:24; Mark. 5:39). Jesus verwys na die ontslapte Lazarus op 'n soortgelyke wyse (Joh. 11:11-14). Sowel Paulus as Petrus noem dood 'n slaap (1 Kor. 15:51, 52; 1 Thes. 4: 13-17; 2 Petrus 3:4).

Die Bybelse aanbieding van dood as 'n slaap word ook deur die volgende Skrifgedeeltes gedemonstreer:

1. Hulle wat slaap is onbewus. **Die dooies weet glad niks nie.** - Pred. 9:5.
2. In die slaap hou bewuste denke op. **Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe.** - Ps. 146:4.
3. Slaap bring 'n einde aan al die dag se aktiwiteite. **Daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie.** - Pred. 9:10.
4. Slaap skei ons van hulle wat wakker is en van hulle aktiwiteite. **Hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie.** - Pred. 9:6.
5. Slaap maak die emosies onaktief. **Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn.** - Pred. 9:6.
6. In slaap prys die mens God nie. **Die dode en almal wat na die stilte neerdaal, sal die Here nie loof nie.** - Ps. 115:17.
7. Slaap veronderstel 'n wakkerword. **Daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, Sy stem sal hoor en sal uitgaan.** - Joh. 5: 28,29.

DIE PERSOON KEER NA STOF TERUG

By die skepping van die mensdom het die eenwording van die stof van die aarde (die elemente van die aarde) en die asem van die lewe 'n lewende wese of siel geproduseer. Adam het nie 'n siel as 'n aparte entiteit ontvang nie - hy het 'n lewende siel geword (Gen. 2:7). By dood gebeur die omgekeerde: die stof van die aarde minus die asem van die lewe lewer 'n dooie persoon op, of 'n dooie siel sonder enige bewussyn (Ps. 146:4). Die elemente waaruit die liggaam bestaan, keer na die aarde terug waarvandaan hulle gekom het (Gen. 3:19). Die siel het geen bewuste bestaan sonder die liggaam nie en geen Skrifgedeelte dui aan dat by dood die siel as 'n bewuste entiteit voortleef nie. Intendeel, **die siel wat sondig sal sterf.** - Eseg. 18:20.

DIE TUISTE VAN DIE DOOIES

Die Ou Testament noem die plek waarheen die dooies gaan 'sheol' (Hebreeus) en die Nuwe Testament 'hades' (Grieks). In die Skrif beteken albei graf. Al die dooies gaan na hierdie plek (Ps. 89:48), die regverdiges en die goddeloses. Aangesien dood 'n slaap is, sal die dooies in 'n staat van onbewustheid in die graf bly tot die opstanding, wanneer die graf (hades) die dooies sal teruggee (Openb. 20:13).

DIE GEES KEER NA GOD TERUG

Hoewel die liggaam terugkeer na stof, keer die gees na God terug. Salomo het gesê: **Die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.** - Pred. 12:7. Dit is waar van almal, die regverdiges en die goddeloses.

Salomo se verklaring dat die gees (ruach) na God terugkeer wat dit gegee het, dui aan dat dit wat na God terugkeer bloot die lewensbeginsel is wat Hy oorgedra het. Daar is geen aanduiding dat die gees, of asem, 'n bewuste entiteit apart van die liggaam is nie. Hierdie 'ruach' kan gelykgestel word met die "asem van die lewe" wat God in die eerste menslike wese geblaas het om sy lewelose liggaam lewend te maak (Gen. 2:7).

DIE TWEE OPSTANDINGS

Christus het geleer dat daar twee algemene opstandings is: 'n opstanding van die lewe vir die wat goed gedoen het en 'n opstanding van die veroordeling vir die wat kwaad gedoen het (Joh. 5: 28, 29; Hand. 24:15). Die 1,000 jaar skei die twee opstandings (Openb. 2:4,5).

Die opstanding tot die ewige lewe

Die wat oopgewek word met die eerste opstanding word "salig en heilig" genoem (Openb. 20:6). Hulle sal nie die tweede dood in die poel van vuur na die 1,000 jaar ervaar nie (vs. 14). Hulle kan nie meer sterf nie (Luk. 20:36). Hulle is vir ewig met Christus verenig.

Die opstanding tot veroordeling

Die onregverdiges word met die tweede, algemene opstanding opgewek, wat aan die einde van die 1,000 jaar plaasvind. Hierdie opstanding lei tot die finale vonnis en veroordeling (Joh. 5:29). Hulle wie se name nie in die Boek van die Lewe opgeskryf is nie, sal gedurende hierdie tyd opgewek word en **in die poel van vuur gewerp word** en die tweede dood ervaar (Openb. 20:14,15).

Die volgende Skrifgedeeltes word gebruik om 'n probleem vir hierdie siening van die Skrif se lering i.v.m. die aard van die dood te veroorsaak.

Die gelykenis van die ryk man en Lazarus.

Christus se storie van die ryk man en Lazarus word gebruik om die bewustheid van die dooies te leer (Luk. 16:19-31). Ongelukkig, diegene wat dit op hierdie manier interpreteer, weet nie dat hierdie storie 'n gelykenis is nie. Indien dit in elke detail letterlik opgeneem word, sou dit absurd wees. Die dooies sou na hulle beloning gaan as regte wesens met liggaamsdele soos oë, tong en vingers. Al die regverdiges sou in Abraham se skoot wees en hemel en hel sou binne praatafstand van mekaar wees. Albei groepe sou hulle beloning met dood ontvang, in teenstelling met Christus se lering dat hulle met sy tweede koms hulle beloning sal ontvang (Matt. 25:31-41; Openb. 22:12).

Christus se belofte aan die dief.

Christus het die dief aan die kruis belof: **Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.** -Luk. 23:43. Soos die vertaalde teks lees, moes Christus daardie Vrydag na die hemel gegaan het om in die teenwoordigheid van God te wees, so ook die dief. Nogtans sê Christus op die Opstandingsmôre aan Maria: **Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na My Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en My God en julle God.** - Joh. 20:17.

As die vertalers, wat sulke goeie werk gedoen het, die komma in Lukas 23:43 na vandag geplaas het, i.p.v. daarvoor, sou hierdie gedeelte nie die lering van die res van die Bybel oor die dooies weerspreek het nie. Jesus se belofte aan die dief sal met die opstanding van die regverdiges by Sy wederkoms vervul word.

As ons sê of glo dat die dooies by afsterwe direk hemel toe gaan wat maak ons dan met 'n vers soos Joh. 14:2-3. **In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.**

As ons na ons dood reeds by die Here is, hoekom moet Hy ons dan kom haal?

DIE BASIS VAN SPIRITISME

Die oorsprong van spiritisme is Satan se eerste leuen aan Eva - **Jy sal verseker nie sterf nie.** - Gen. 3:4. Satan se woorde was die eerste preek oor die onsterflikheid van die siel. Vandag, dwarsoor die wêreld, word die fout deur godsdienste van alle soorte herhaal.

Waarskuwing teen spiritisme - Niemand het nodig om deur spiritisme mislei te word nie. Soos ons gesien het, sê die Bybel baie duidelik dat die dooies niks weet nie - hulle lê onbewus van enigiets in die graf. Spiritisme word ook baie sterk deur die Here verbied - Lev. 19:31, 20:27 en Deut. 18:10,11.

"Dikwels misbruik Satan die droefheid van diegene wat geliefdes verloor het en probeer om hulle in sy spiritistiese strikke in te trek deur voor te gee om hulle eie, spesiale geliefde te wees. Wat 'n oorweldigende misleiding! Slegs diegene wat hulle verstande met die waarhede van die Bybel versterk het, sal in staat wees om teen hierdie soort aanvalle staande te bly.

Laat my toe om 'n ongelooflike voorbeeld van Satan se manier van optrede met julle te deel. 'n Dierbare vriend van my het vir baie jare as 'n sendeling in Afrika gedien. Terwyl hy en sy vrou op 'n afgesonderde sendingstasie gewoon het, het hulle driejarige dogtertjie aan 'n noodlottige, tropiese koors gesterf. Hulle het die dogtertjie op 'n heuwel regoor hulle huis begrawe. 'n Paar dae na die begrafnis het die moeder in haar kombuis gesit, toe die deur skielik oopgaan en haar klein dogtertjie deur die kombuis tot in haar moeder se arms gehardloop het. Kan jy jouself so 'n traumatiese ondervinding voorstel? En om alles te kroon, het die klein dogtertjie uitgeroep: "Mammie, ek is nie dood nie! Ek is nie dood nie!"

Gelukkig het die moeder die Bybelse waarheid oor die dood geken en God het haar die krag gegee om onmiddellik te bid vir verlossing van daardie Sataniese maskerade. Toe sy die naam van Jesus aangeroep het, het die gedaante verdwyn.

Is hierdie 'n uitsonderlike geval? Ongelukkig nie. Ondervindings soos hierdie word gereeld herhaal. Daar is sonder twyfel sommige bedrieërs wat hulle eie illusies skep, maar ons moet erken dat die prins van alle boosheid dikwels die verstande van mense deur sy bonatuurlike geslepenheid met bedrog manipuleer.

Dink vir 'n oomlik aan die implikasies hiervan! Miljoene het letterlik hulle lewens aan die beheer van duiwels onderwerp deur te glo dat hulle deur hulle geliefde familie geadviseer was. Kan jy die geweldige ironie van die situasie insien? En kan jy sien hoe maklik Satan selfs kan begin om die lewens te beheer van Christene wat nie die ware Bybelse leerstelling oor die dood verstaan nie? Die enigste beskerming vir enigeen is die Woord van God. Slegs omdat hulle 'n leuen geleer was oor die toestand van die dode, sal die meerderheid Katolieke en Protestante deur die finale bedrog van sataniese krag meegevoer word." - Joe Crews: *Geeste van die Dooies*, pp. 22-23.

As ons almal na ons dood hemel toe gaan, waarom dan na Sy wederkoms uitsien?

6. Sewendedag Adventiste Glo pp. 369-379.

As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie. - 1 Kor. 15:13.

7. DIE DOOP

DOOP DEUR ONDERDOMPELING

Deur die doop bely ons ons geloof in die dood en opstanding van Jesus Christus en getuig ons dat ons vir die sonde gesterf het en dat ons van voorneme is om 'n nuwe lewe te lei. So erken ons Christus as Here en Verlosser, word ons Sy volk en word ons as lidmate van Sy kerk aangeneem. Die doop is 'n simbool van ons vereniging met Christus, vergifnis van ons sondes en ons ontvangs van die Heilige Gees. Dit geskied deur onderdompeling in water na bevestiging van geloof in Jesus en berou oor die sonde. Dit volg na onderrig in die Heilige Skrifte en 'n aanvaarding van hul leerstellings.

DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD 'DOOP'

Die Griekse woord wat met doop vertaal word, is die werkwoord 'baptizo', wat onderdompeling vereis, aangesien dit afgelei is van die woord 'bapto', wat beteken om onder te dompel. Wanneer die werkwoord om te doop na 'n waterdoop verwys, hou dit die idee van onderdompeling in - om die persoon onder die water te laat gaan.

In die Nuwe Testament word die werkwoord om te doop gebruik om (1) te verwys na doop in water (bv. Matt. 3:6; Markus 1:9; Hand. 2:41); (2) as 'n

beeld van Christus se lyding en dood (Matt. 20:22, 23; Markus 10:38,39; Lukas 12:50); (3) na die koms van die Heilige Gees (Matt. 3:11; Mark. 1:8; Luk. 3:16; Joh. 1:33; Hand. 1:5; 11:16). Die Skrif gebruik die selfstandige naamwoord 'doop' vir sowel waterdoop as Christus se dood (Matt. 3:7; 20:22).

DIE DOOP IN DIE NUWE TESTAMENT

Die gevalle in die Nuwe Testament waar in water gedoop is, vermeld onderdompeling. Ons lees dat Johannes in die Jordaan-rivier gedoop het (Matt. 3:6; vgl. Markus 1:5) en in **Enon naby Salem, omdat daar baie water was.** - Joh. 3:23. Alleen onderdompeling vereis **baie water.**

Johannes het Jesus ondergedompel. Hy het Jesus **in die Jordaan** gedoop en na die doop het Jesus **uit die water opgeklim.** - Markus 1:9,10; vgl. Matt. 3:16.

Die apostoliese kerk het ook deur onderdompeling gedoop. Toe Filippus, die evangelis, die Ethiopiese hofdienaar gedoop het, het hulle albei **in die water afgeklim** en daarna **uit die water opgeklim.** - Hand. 8:38,39.

DIE BETEKENIS VAN DIE DOOP

Die betekenis van die doop is intiem verwant aan sy wyse. Alleen wanneer die doop deur onderdompeling bedien word, word sy volle betekenis sigbaar.

SIMBOOL VAN CHRISTUS SE DOOD EN OPSTANDING

Net soos bedekking deur water simbolies was van oorweldigende moeilikheid en beproewing (Ps. 42:8; 69:2; 124:4,5), het Jesus se waterdoop 'n profetiese vervulling van Sy lyding, dood en begrafnis voorgestel (Markus 10:38; Lukas 12:50) en Sy opkoms uit die water van Sy daaropvolgende opstanding (Rom. 6:3-5).

Die doop sou geen betekenis as simbool van Christus se lyding gehad het "as die apostoliese kerk" 'n ander doopwyse as onderdompeling gebruik het nie. Daarom is 'n teologiese argument die kragtigste argument vir doop deur onderdompeling.

SIMBOOL VAN DOOD VIR DIE SONDE EN LEWEND VIR GOD

In die doop maak gelowiges die lydensondervinding van ons Here mee. Paulus het gesê: **Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in Sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is... ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.** - Rom. 6:3,4.

Hoe intiem die gelowige se verhouding met Christus is, blyk uit uitdrukkings soos **in Christus Jesus gedoop; in Sy dood gedoop en saam met Hom begrawe deur die doop.**

Dood vir die sonde. In die doop het die gelowiges **saamgegroe...** deur die gelykvormigheid aan sy [Christus se] dood. - Rom. 6:5 en is hulle met Christus gekruisig (Gal. 2:20). Dit beteken dat **die oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde.** Rom. 6:6-8.

Gelowiges het afstand gedoen van hul vorige lewenswyse. Hulle is dood vir die sonde en bevestig dat **die ou dinge... verbygegaan** het (2 Kor. 5:17) en hul lewe met Christus in God verborge is. Die doop versinnebeeld die kruisiging van die ou lewe. Dit is nie net 'n dood nie, maar 'n begrafnis. **Ons is saam met Hom begrawe in die doop.** - Kol. 2:12. Net soos 'n begrafnis op die dood volg, word met die ou lewe weggedoen wanneer die gelowige in die watergraf neerdaal en aanneem dat Jesus Christus begrawe is.

In die doop het die gelowige die wêreld afgesterf. Tot gehoorsaamheid aan die bevel **gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie** (2 Kor. 6:17), maak dopelinge dit openbaar dat hulle die Satan se diens verlaat en Christus in hul lewens aanneem.

In die apostoliese kerk het die oproep om bekering gepaard gegaan met 'n oproep om gedoop te word (Hand. 2:38). Die doop gee dus ook opregte bekering te kenne. Gelowiges sterf vir hul oortredings van die wet en verkry vergifnis van sondes deur die reinigende bloed van Jesus Christus. Die doopplegtigheid is 'n demonstrasie van 'n innerlike reiniging - die afwassing van die sondes wat bely is.

Lewend vir God. Die krag van Christus se opstanding word vaardig in ons lewens. Dit stel ons in staat om in 'n nuwe lewe te wandel (Rom. 6:4) - nou dood vir die sonde, **maar lewend vir God in Christus Jesus, onse Here.** - Rom. 6:11. Ons getuig dat ons enigste hoop op 'n lewe van oorwinning oor die ou natuur in die genade berus van 'n herrese Jesus wat nuwe geestelike lewe voorsien het deur die kraggewende werking van die Heilige Gees. Hierdie nuwe lewe verhef ons tot 'n hoër vlak in ons menslike ondervinding, gee ons nuwe waardes, strewes en begeertes wat om 'n toewyding aan Jesus Christus draai. Ons is nou dissipels van ons Verlosser en die doop is die teken van ons dissipelskap.

SIMBOOL VAN 'N VERBONDSVERHOUDING

Christus se dood het 'n nuwe verbond bekragtig. Mense tree tot hierdie verbond toe deur 'n geestelike besnydenis - die antwoord van die geloof op Jesus se soendood. Aan Christene is **die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou.** - Gal. 2:7. Die nuwe verbond vereis 'n "innerlike geloof" en nie 'n "uiterlike" nie van diegene wat aan die geestelike Israel wil behoort. Iemand kan 'n Jood weens geboorte wees; maar 'n mens kan alleen deur die

wedergeboorte 'n Christen word. **Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk.** - Gal. 5:6. **Wat saak maak, is 'n besnydenis... van hart, in die gees.** - Rom. 2:28,29.

Die doop is 'n teken van 'n reddende verhouding met Jesus en stel hierdie geestelike besnydenis voor ... **in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.** - Kol. 2:11,12.

Nadat die 'vleeslike liggaam' afgelê is deur die geestelike besnydenis wat deur Jesus verrig is, 'beklee' die een wat gedoop is hom nou met Christus en tree hy toe tot 'n verbondsverhouding met Jesus. Gevolglik is hy nou reg om die vervulling van die beloftes van die verbond te ontvang. **Want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed... En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.** - Gal. 3:27-29. Diegene wat tot hierdie verbondsverhouding toegetree het, beleef die versekering van God: **Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.** - Jer. 31:33.

SIMBOOL VAN TOEWYDING TOT DIE DIENS VAN CHRISTUS

Met Sy doop het Jesus 'n besondere uitstorting van die Heilige Gees ondervind as aanduiding van Sy salwing of toewyding aan die sending wat Sy Vader aan Hom opgedra het (Matt. 3:13-17; Hand. 10:38). Sy ondervinding toon dat 'n waterdoop en doping deur die Gees saam hoort en dat doop sonder ontvangs van die Heilige Gees onvolledig is.

In die apostoliese kerk het die uitstorting van die Heilige Gees gewoonlik op die waterdoop gevolg. As ons dus tans in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees gedoop word, word ons toegewy aan en verenig met die drie groot kragte van die hemel en vir die verspreiding van die ewige evangelie.

Die Heilige Gees berei ons vir hierdie bediening voor deur ons hart van die sonde te reinig. Johannes sê Jesus sal... **doop met die Heilige Gees en met vuur.** - Matt. 3:11. Jesaja het geopenbaar dat God Sy volk van hul onreinhede sal reinig **deur die Gees van strafgerig en die Gees van uitdelging.** - Jes. 4:4. **Ek sal ... ou skuim soos met loog uitsuiwer en al jou lood dele wegneem.** - Jes. 1:25. **Want onse God is 'n verterende vuur vir die sonde** (Heb. 12:29), en aan almal wat hulle aan Hom oorgee. Die Heilige Gees sal hul hart reinig en hul sondes verteer.

Dan voorsien die Heilige Gees hulle met Sy gawes. Sy gawes is 'n besondere bedeling uit die hemel wat tydens die doop gegee word om die gelowige in staat te stel om die kerk te dien en om tot diegene uit te reik wat Jesus Christus nog nie aangeneem het nie. Die doop van die Heilige Gees het aan die vroeë kerk krag gegee om te getuig (Hand. 1:5,8) en net dieselfde doop sal die kerk in staat stel om sy sending te volbring om die ewige evangelie van die koninkryk te verkondig (Matt. 24:14; Openb. 14:6).

SIMBOOL VAN TOETREDE TOT DIE KERK

As 'n teken van iemand se vernuwning of wedergeboorte (Joh. 3:3,5), kenmerk die doop ook so iemand se toetrede tot die geestelike koninkryk van Christus. Aangesien dit die nuwe gelowige met Christus verenig, dien dit ook as deur tot die kerk. Deur die doop voeg die Here die nuwe dissipels by die liggaam van gelowiges - Sy liggaam, die kerk - Hand. 2:41, 47; 1 Kor. 12:13. Dan is hulle lede van die gesin van God. 'n Mens kan nie gedoop word sonder om by die kerkfamilie aan te sluit nie.

VEREISTES VIR DIE DOOP

Die Skrif vergelyk die verhouding tussen Christus en Sy kerk met 'n huwelik. In die eg behoort albei partye deeglik bewus te wees van die verantwoordelikhede en verpligtinge wat betrokke is. Wie verlang om gedoop te word moet in sy lewe geloof, berou en die vrugte van die bekering openbaar, asook 'n begrip van die betekenis van die doop en die daaropvolgende geestelike verhouding.

Geloof. Een voorvereiste vir die doop is geloof in Jesus se soenoffer as die enigste middel tot verlossing van die sonde. Christus het gesê: **Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word.** - Mark. 16:16. In die apostoliese kerk is net diegene gedoop wat die evangelie geglo het (Hand. 8:12, 36, 37; 18:8).

Aangesien die geloof... uit die gehoor, en die gehoor... deur die woord van God is (Rom. 10:17), is onderrig noodsaaklik ter voorbereiding vir die doop. Christus se groot opdrag bevestig hoe belangrik sodanige onderrig is: **Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.** - Matt. 28:19. Om 'n dissipel te kan word, vereis deeglike onderrig.

BEKERING

Bekeer julle, sê Petrus, en laat elkeen van julle gedoop word. - Hand. 2:38. Onderrig in die Woord van God wek nie net geloof op nie, maar ook berou en bekering. In antwoord op die roepstem van God besef mense hul verlorenheid, bely hulle hul sondigheid, onderwerp hulle hul aan God, bekeer hulle van hul sondes, aanvaar hulle Christus se versoening en wy hulle tot 'n nuwe lewe saam met Hom. Sonder bekering kan hulle nie 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus betree nie. Alleen deur bekering kan hulle die sonde afsterf - 'n voorvereiste vir die doop.

DIE VRUGTE VAN BEKERING

Wie hulle wil laat doop, moet geloof bely en die bekering ondervind. Tensy hulle egter ook **die vrugte wat by die bekering pas** aan die dag lê (Matt. 3:8), voldoen hulle nie aan die vereistes wat die Bybel vir die doop stel nie. Hul lewe behoort hul toewyding aan die waarheid soos dit in Jesus is te demonstreer en hulle moet deur gehoorsaamheid aan Sy geboie uitdrukking aan hul liefde vir God gee. Ter voorbereiding vir die doop moet hulle van hul foutiewe gelowe en gewoontes afgesien het. Die vrugte van die Gees wat in hul lewens tot uiting kom, sal toon dat die Here in hulle bly en hulle in Hom (Joh. 15:1-8). Tensy hulle blyke van hul verhouding met Christus gee, is hulle nog nie gereed om by die kerk aan te sluit nie.

MOET BABATJIES EN KINDERTJIES GEDOOP WORD?

Omdat babatjies en klein kindertjies nie besef wat bekering is nie, is hulle nie geskik vir die doop nie. Beteken dit dat hulle uit die gemeenskap van die nuwe verbond uitgesluit is? Gewis nie! Jesus het hulle nie uit Sy koninkryk van genade uitgesluit nie. **Laat die kindertjies... na My toe kom.... en verhinder hulle nie**, het Hy gesê, **want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele. En Hy het hulle die hande opgelê.** - Matt. 19:14,15. Gelowige ouers vervul 'n lewensnoodsaaklike rol deur hulle kinders tot 'n verhouding met Christus te lei wat hulle uiteindelik tot die doop sal neem.

Jesus se positiewe reaksie op die moeders wat hul kinders na Hom gebring het om geseën te word het aanleiding gegee tot die gebruik om die kindertjies toe te wy. Om hierdie rede bring ouers hul kindertjies na die kerk om aan God gewy te word.

Op watter ouderdom behoort 'n mens gereed vir die doop te wees? Individue kan gedoop word indien hulle (1) oud genoeg is om die betekenis van die doop te verstaan; (2) hul lewens aan Christus gewy het en bekeer

is; (3) die fundamentele beginsels van die Christendom verstaan, en (4) die betekenis van kerklidmaatskap verstaan. 'n Mens stel sy verlossing alleen in gevaar indien hy oud genoeg geword het om rekenskap van homself te gee en dan die invloed van die Heilige Gees verwerp.

Omdat mense op enige, gegewe ouderdom van mekaar verskil in geestelike volwassenheid, is party vroeër as ander vir die doop gereed. Ons kan daarom nie 'n vaste ouderdom vir die doop neerlê nie. As ouers toelaat dat hul kinders op 'n vroeë ouderdom gedoop word, moet hulle die verantwoordelikheid vir hul geestelike groei en karakterontwikkeling aanvaar.

DIE VRUGTE VAN DIE DOOP

Die vernaamste vrug wat die doop dra, is 'n lewe wat aan Christus gewy is. Doelwit en strewe het sy brandpunt in Christus, nie in jouself nie. **As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.** - Kol. 3:1,2. Die doop is nie die hoogste spits wat 'n Christen kan bereik nie. Namate ons geestelik groei, ontwikkel ons die Christelike vermoëns wat ingespan moet word om ander volgens God se vermenigvuldigingsplan te dien: **Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here!** - 2 Pet. 1:2. As ons getrou aan ons doopgeloftes bly, sal die Vader, Seun en Heilige Gees, in wie se Naam ons gedoop is, waarborg dat ons toegang tot die Goddelike krag het wat ons sal help in elke noodtoestand wat moontlik in ons ná doopse lewe kan opduik.

Die tweede vrug is 'n lewe wat aan die kerk van Christus gewy word. Ons is nie langer geïsoleerde individue nie; ons het lede van die kerk van Christus geword. As lewende stene vorm ons die tempel van God (1 Pet. 2:2-5). Ons bou 'n besondere verhouding met Christus, die hoof van die

kerk, van wie ons ons daaglikse genade vir groei en ontwikkeling in liefde ontvang (Efe. 4:16). Ons aanvaar verantwoordelikhede binne die verbondsgemeenskap, wie se lede ook 'n verantwoordelikheid teenoor die pas gedooptes het (1 Kor. 12:12-26). Vir hul eie beswil, asook vir die van die kerk, moet die nuwe lidmate in 'n lewe van aanbidding, gebed en liefdevolle diens betrek word (Efe. 4:12).

Die laaste vrug is 'n lewe wat in en vir die wêreld gelei word. Dit is wel waar dat ons wat gedoop is, ons burgerskap in die hemel het (Fil. 3:20), maar ons is alleen uit die wêreld geroep om binne die liggaam van Christus opgelei te word om na die wêreld te gaan as dienaars wat deelneem aan Christus se verlossende bediening. Ware dissipels sal hulle nie aan die Kerk na die wêreld onttrek nie; ons word as sendelinge in die koninkryk van Christus gebore. Om getrou aan ons doopverbond te wees beteken om ander na die koninkryk van genade te lei. God wag tans verlangend dat ons die oorvloedige lewe wat Hy so genadiglik voorsien het, sal betree. **En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.** - Hand. 22:16.

7. Sewendedag Adventiste Glo..... pp. 195-204.

Ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel nie. - 3 Joh. 1:4.

8. HOE DIE SABBAT VERANDER IS

Ten van die Russiese tsaars het, terwyl hy in sy park geloop het, by 'n wag wat oor 'n lappie onkruid waggehou het, gekom. "Wat maak jy hier?" het hy gevra. Die wag het geantwoord: "Ek weet nie. Al wat ek weet, is dat die kaptein my beveel het om oor hierdie plek wag te hou." Die tsaar het die kaptein laat roep. "Kaptein! - wat bewaak hierdie man?"

Die kaptein het geantwoord: "Al wat ek weet, is dat die regulasies sê 'n wag moet hier gestasioneer wees."

Die tsaar het toe 'n ondersoek gelas, maar niemand in die Russiese regering kon sê hoekom daardie plek bewaking nodig het nie. Toe het hulle die koninklike argiewe, wat historiese rekords oor baie eeue bevat, geopen.

Die argiewe het getoon dat 'n honderd jaar tevore, in die laat agtiende eeu, Katharina die Grote 'n roosboom op daardie plek geplant het en beveel het dat 'n wag daar geplaas moet word om te verhoed dat mense dit vertrap. Uiteindelik het die roosboom gevrek, maar niemand het daaraan gedink om die bevel te herroep nie.

En vir 'n honderd jaar het mense waggestaan en sorgvuldig iets beskerm wat nie beskerming nodig het nie. En hulle het nie geweet hoekom nie. Jaar na jaar het hulle iets bewaak wat nie daar was nie.

Ons moet die argiewe van God se Woord open, sodat ons vandag God se wil verstaan. Daar is 'n paar verborgenhede wat opgelos moet word.

MENSE WOU GRAAG VERANDERINGE MAAK

Miljoene mense onderhou Sondag - die eerste dag van die week - eerbiedig en nogtans het ons gevind dat daar nie die geringste aanduiding in die Bybel is dat nóg God nóg enige Bybel-skrywer dit ooit oorweeg het dat dit die geringste heiligheid het nie. Hoe het Sondag hierdie merkwaardige eer gekry?

'n Ondersoek van die geskiedenisboeke openbaar dat die verandering begin het met die aandrag van half-bekeerde Christene wat die kerk wou "moderniseer" en geëindig het met kerkrade wat die eerste dag van die

week verhef het - vergesel deur intense vervolging van diegene wat vasbeslote was om die ware Sabbat [Saterdag] te onderhou.

Dit is uit die Bybel duidelik dat as God so 'n verandering wou maak, sou Hy dit verseker in die Skrif vermeld het.

Want die Here Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. - Amos 3:7.

Die verandering van die Sabbat van die sewende na die eerste dag van die week was nie op enige Goddelike gesag gemaak nie. **God verander nie Sy morele voorskrifte nie.**

Ek het ingesien dat alles wat God doen, vir ewig sal bestaan; daar kan niks bygevoeg en daar kan niks van weggeneem word nie; en God het dit so gemaak dat hulle moet vrees voor sy aangesig. - Prediker 3:14.

Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie. - Psalm 89:35.

Jesus het gesê: **Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val.** - Lukas 16:17.

Maar terwyl die Bybel geen verslag gee dat God die dag verander het nie, vertel historici hoe dit na die laaste boek in die Bybel voltooi was, gebeur het.

Tragies, sonder enige Bybelse gesag vir hulle handeling, het mense dit gewaag om aan die wet van God te peuter deur die Bybelse Sabbat, die sewende dag, met Sondag, die eerste dag van die week, te vervang.

In die vroeë eeue na die Bybel voltooi was, het belydende Christene na vore gekom wat Bybelse beginsels met heidense tradisies wou vermeng. Geleidelik het dit vermeerder, vernaamlik van omtrent 175 tot 300 n.C.

Baie van hierdie bekeerde heidene het in of naby Alexandrië in Egipte gewoon. Sommige van hulle het 'n Christen-kweekskool begin waar hulle pastore opgelei het. Maar dit het slegs daartoe bygedra dat die dwaalleer veel wyer na Christen-kerke in ander groot stede versprei het.

HIERDIE AFVALLIGHEID WAS VOORSPEL

Hierdie groot afvalligheid wat geleidelik vermeerder het, nadat die Bybel voltooi was, word in verskeie Bybel-gedeeltes voorspel:

Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan. Daarom moet julle waak. - Handeling 20:29-31.

Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. - 2 Timotheüs 4:3-4.

Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. - 2 Thessalonicense 2:3-4.

In die profesie van Daniël 7 het God voorspel dat hierdie afvalligheid sou gebeur. Onder die simbool van "n horinkie" sou 'n mag later in die wêreld verrys wat homself teen die God van die hemel sou verhoog en sou daarna streef om beide God se waarheid en Sy volk te verwoes.

Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op..... in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek. - Daniël 7:8.

Daniël was in besonder besorg omtrent hierdie vreemde horinkie-mag.

Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met ystertande en met koperkloue, wat verslind, vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap het, en oor die tien horings wat op sy kop was, en die ander een wat opgekom het en waarvoor drie geval het, naamlik hierdie horing wat oë en 'n mond gehad het wat groot dinge gespreek het, terwyl sy gestalte groter was as van die ander. Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin, totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het. - Daniël 7:19-22.

En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd. Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die heerskappy ontnem om dit vir goed te verdelg en te vernietig. - Daniël 7: 25-26.

Hy sal probeer om tye en wet te verander. Dit sou, natuurlik, God se morele wet en God se spesiale tyd - die Bybelse Sabbat - wees. Die horinkie se woorde is teen die Allerhoogste gemik en sy pogings is om die mag en outoriteit van die groot Wetgewer te verwoes. Hy het besef dat dit die beste gedoen kan word deur God se wet te verander en die Sabbat, wat die teken van die Skepper se mag is, te verander.

Omdat die Sabbat die seël is van die lewende God word die groot, morele kode van die Tien Gebooe, as behorende aan God, daardeur gekenmerk. Dit toon dat Hy die Outeur, sowel as die Skepper van hemel en aarde is. Satan het geweet dat die beste manier om ontslae te raak van die mens se erkenning van die Skepper se gesag was om met die Sabbat weg te doen.

HERVORMING VAN DIE KERK

Christus is in 31 n.C. gekruisig. Die meeste van Sy dissipels en apostels was teen 65 n.C. dood. Johannes, die laaste van die apostels, is net voor 100 n.C., na die voltooiing van Openbaring, die laaste boek van die Bybel, dood.

In die eerste eeue daarna het die agteruitgang van geestelikheid gelei tot die aanneming van baie heidense rites en seremonies deur die Christene "wat graag modern wou voorkom". Die "geheime krag van die wetteloosheid" het sy werk in die kerk begin.

"Teen die laaste gedeelte van die tweede eeu het baie kerke 'n nuwe vorm aangeneem; die vroeë eenvoud het verdwyn en ongemerk, soos die ou dissipels graf toe is, het hulle kinders na vore gekom en die saak nuut hervorm." - *Ecclesiastical Researches*, p. 51.

Tragies soos dit is, sal ons uitvind dat moderniste in die kerk besluit het om die gedenkwaardige dag van die ware God, ons Skepper, met die gedenkwaardige dag van die songod te vervang.

Ten einde jou te voorsien van 'n akkurate verstaan van hoe hierdie groot afvalligheid begin het, sal 'n aantal verklarings deur gerespekteerde historici aangehaal word.

Ons wil uitvind hoe die voorspelde horinkie-mag van Daniël 7 "sal probeer" om die wet van God en die Bybelse Sabbat te verander.

"Dit moet bely word dat daar geen wet in die Nuwe Testament rakende die eerste dag is nie." - McClintock and Strong, *Cyclopedia of Biblical, Theological and Ecclesiastical Literature*, vol. 9, p. 196.

"Tot diep in die tweede eeu ('n honderd jaar na Christus) vind ons nie die geringste aanduiding in ons bronne dat Christene deur enige soort van onthouding van werk Sondag erken het nie." - W. Rordorf, Sunday, p. 157.

"Rites en seremonies waarvan nòg Paulus nòg Petrus ooit gehoor het, het stilletjies in gebruik gesluip en het dan die rang van goddelike instellings opgeëis. [Kerk] amptenare vir wie die oorspronklike dissipels geen plek sou kon vind nie en titels wat vir hulle heeltemal onbegryplik sou wees, het begin om aandag te trek en om apostolies genoem te word." - William D. Killen, *The Ancient Church*, p. 16.

DIE VERLEIDELIKHEID VAN SONAANBIDDING

In die eerste eeue na Christus was daar 'n stryd tussen die jong kerk en die heidendom. Die aanbidding van die songod was 'n spesiale probleem. Satan het dit gebruik om baie Bybelse praktyke te vervals.

Die eerste dag van die week was deur sonaanbidders vir eeue geëer. Hulle het hierdie dag, "Son dag, die eerbiedwaardige dag van die songod" genoem. Dit was op hierdie dag dat hulle hul wildste en mees immorele seremonies ter ere van hulle god uitgevoer het.

Maar die hele tyd het die aanbidders van die Skepper God aan die Bybel vasgehou en die Bybelse Sabbat onderhou.

Daar was pogings om sonaanbidding in die kerk in die Ou Testament in te bring.

"Sonaanbidding was die vroegste afgodery." - Fausset, *Bible Dictionary*, p.666.

Satan het selfs probeer om sonaanbidding in antieke Israel in te bring (Levitikus 26:30; Jesaja 17:8). Koning Manasse het direkte sonaanbidding beoefen (2 Konings 21:3,5). Josia het die waens en perde wat aan die son en sy aanbidding toegewy was, verwoes (2 Konings 23:5; 11-12). Son-altare en wierook is op die dakke vir die son gebrand (Sefanja 1:5) en Esegïel het die "grootste gruwels" aanskou: direkte sonaanbidding by die ingang van die Tempel van die ware God. Dit was gedoen met hulle gesigte na die ooste, terwyl hulle die opkomende son aanbid (Esegïel 8:16-17).

DIE BEGIN VAN SONDAGHEILIGHEID IN DIE CHRISTELIKE KERK

Teen die jaar 200 n.C. het heidense kompromieë en praktyke begin om in sommige van die Christen-kerke op 'n bepaalde wyse in te kom.

Sonaanbidding het eerste in Alexandrië, Egipte, wat 'n leidende sentrum van die wêreld se "hoër onderwys" was, begin. Die grootste, heidense universiteit was daar gehuisves. Christene het van hulle beginsels opgeoffer en 'n Christen-kweekskool gestig om pastore op te lei. Die biskop van die Kerk van Rome (later die "pous" genoem) het gretiglik die heidense praktyke aangeneem wat deur die Christene te Alexandrië aangeneem was. Hy was vinnig om die wêreldse voordeel van die kompromie met die heidendom in te sien. Deur die inbring van heidense gewoontes kon hy meer mense kry wat kerk bywoon en so kon die kerk ryker en groter word.

Teen ongeveer 196 n.C. het Victor, biskop van die Roomse kerk, 'n brief aan alle Christen-kerke in die ryk gestuur, wat vereis het dat hulle die opstanding van Christus op 'n sekere Sondag elke lente vier.

Hierdie was die eerste poging deur die biskop van die Kerk van Rome (wat later die pousdom geword het) wat van Christene vereis het om Sondag vir sommige spesiale doeleindes te onderhou. Dit kenmerk ook die eerste

keer dat die biskop van Rome probeer het om gesag oor die ander kerke te verkry. (dr. Bower, in sy *History of the Popes* vol.1, p. 18, het gesê dit was "die eerste poging van pouslike beheer".)

Uiteindelik het die naam Paasfees die naam van hierdie feesviering geword, wat 'n nabootsing van die heidense, lente feesviering van die geboorte van Isis, 'n heidense godin, was.

"KERKGROEI" DEUR KOMPROMIE

Die kerkleiers in Alexandrië en Rome het besef dat, deur heidense gewoontes aan te neem, heidene in die kerk sou tuis voel. Hulle het besluit dat deur oor te skakel van die hou van kerkdienste op die Bybelse Sabbat na die heidense dag van aanbidding, die dag van die son, die heidene meer geredelik kerk toe sou kom. Hulle het goed daarin geslaag, want daardie gekompromitteerde kerke in die stede het ryker en groter geword.

"Die [Katolieke] kerk het van Sondag 'n heilige dag gemaak hoofsaaklik omdat dit die weeklikse feesdag van die son was. Dit was 'n besliste poging om die heidense feestye, geliefd by die mense deur tradisie, oor te neem en hulle 'n Christelike betekenis te gee." - Authur Weigall, *The Paganism in Our Christianity*, 1928, p. 145.

Maar hierdie oorgang was geleidelik, omdat die oorgrote meerderheid van die plaaslike kerke geweier het om te moderniseer en op Sondag te aanbid. Beseffende dat kompromie met die heidendom 'n gevaarlike bedreiging was, het daardie Christene, wat aan God getrou was, geglo dat hulle slegs wat die Bybel sê, moes gehoorsaam.

"Die feesdag van Sondag, soos alle ander feesdae, was altyd slegs 'n menslike instelling. Dit was ver van die bedoelings van die apostels om 'n Goddelike opdrag in hierdie verband vas te stel, ver van hulle en van die vroeë apostoliese kerk en om die wette van die Sabbat na Sondag oor te

dra." - Augustus Neander, *The History of the Christian Religion and Church*, 1843, p. 186.

Ongelukkig, teen 250 n.C., het heidense gewoontes meer algemeen in 'n aantal Christen-kerke geword.

Teen die derde eeu het Mitraïsme die primêre godsdiens van die heidene in die Romeinse Ryk geword.

KOMS VAN KONSTANTYN

'n Baie belangrike reeks gebeure het plaasgevind toe Konstantyn I keiser geword het.

Terwyl sommige van die keisers voor hom die Christene vervolg het, het Konstantyn slim besef dat wanhopige maatreëls nodig was ten einde die ryk teen die toenemende invalle van heidense stamme vanuit die noorde te versterk. Hy het besluit om die leidende godsdienste van die ryk in een te verenig wat grootliks die nasie sou versterk.

DIE SONDAGSWETTE

Konstantyn se grootste "bydraes" tot die Christendom was sy Sondagswette, wat die Roomse biskop in 'n posisie van leierskap oor die ander Christelike kerke geplaas het.

Onbetwisbaar, die eerste wet, geestelik (kerklik) of siviël, waardeur die Sabbatonderhouding van daardie tyd beveel is, is die edik [besluit] van Konstantyn, 321 n.C. - *Chamber's Encyclopedia*, article, "Sabbath".

Pous Sylvester (314 - 337 n.C.) en sy raadgewer, Eusebius, het besef dat die sleutel vir kontrole deur die Roomse herder oor al die ander kerke van die ryk van die vereiste van Sondagaanbidding afgehang het. Dit sou die

heidense dwaalleer bevestig, iets wat die Roomse kerk orals vir dekades probeer bewerkstellig het.

Dit was deur hulle direkte versoek dat Konstantyn sy Sondagswette uitgevaardig het. Hy was baie gewillig om dit te doen, omdat Konstantyn daarin 'n manier gesien het om die ryk onder 'n enkele godsdiens te verenig. Hy het geglo dat godsdienseenheid die ryk sou help om die toenemende aanvalle van die barbaarse hordes uit die noorde te weerstaan. Die bewoording van die wet was versigtig gekies, sodat beide Mitraïste en Christene dit kon aanvaar en bymekaarkom.

Sylvester "het bepaal dat die rus van die Sabbat [Saterdag] eerder na die dag van die Here [Sondag] oorgedra word, sodat ons op daardie dag behoort te rus van wêreldse werk." - Rabanus Maurus, *Concerning the Instruction of the Clergymen*, Book 2, Chap. 46.

Hier is die eerste Sondagswet in die geskiedenis, 'n wetlike verordening deur Konstantyn I (geregeer 306 - 337n.C.):

"Op die Eerbiedwaardige Dag van die Son - [die heilige dag van die son] laat die landdroste en die stedelinge rus en laat alle werksinkels gesluit wees. Op die platteland, egter, mag persone wat in die landbou betrokke is, vryelik en wettiglik met besigheid voortgaan, omdat dit dikwels gebeur dat 'n ander dag nie vir graanverbouing of vir wingerdplant so geskik mag wees nie; aangesien die nalating van die geskikte tyd vir sulke geleenthede die milddadigheid van die hemel verlore mag wees - gegee die 7de dag van Maart [321 n.C.]. Crispus en Konstantyn wat albei konsuls vir die tweede keer is". - Phillip Schaff: *History of the Christian Church*, vol. 3, p. 380.

Hierdie eerste van Konstantyn se ses Sondagswette is uiters belangrik in kerkgeskiedenis!

"Hierdie [Konstantyn se Sondagdecreet van Maart 321 n.C.] is die primêre Sondagswet wat dit 'n dag van rus en vrystel van werk gemaak het. Want van daardie tyd af tot die huidige was dit daardie dekrete omtrent die onderhouding van Sondag wat die Europese en Amerikaanse samelewings deeglik beïnvloed het. Toe die kerk 'n deel van die staat onder die Christen-keisers geword het, was Sondag-onderhouding deur siviele wette afgedwing en later toe die ryk iets van die verlede was, het die kerk, in die hande van die pousdom, dit deur kerklike en ook deur siviele verordeninge afgedwing." - Walter W. Hyde, *Paganism to Christianity in the Roman Empire*, 1946, p. 261.

Hier is 'n verklaring van 'n Katolieke kategismus:

Vraag: Watter dag is die Sabbatdag?

Antwoord: Saterdag is die Sabbatdag.

Vraag: Hoekom onderhou ons Sondag in plaas van Saterdag?

Antwoord: **Ons onderhou Sondag in plaas van Saterdag, omdat die Katolieke kerk in die Raad van Laodicea (337 n.C.) die plegtigheid van Saterdag na Sondag oorgedra het.**" - *Convert's Catechism of Catholic Doctrine*, p. 50.

Historici stem saam: **Is dit nie vreemd dat Sondag bykans universeel onderhou word, terwyl die heilige Skrifte dit nie onderskryf nie?** Satan, die groot vervalser, het deur die geheime krag van die wettelose heidene gewerk om 'n vervalste Sabbat in te voer om die plek van die ware Sabbat in te neem. Sondag staan sy aan sy met Es Sondag, Palm Sondag, Heilige Donderdag, Goeie Vrydag, Paas Sondag, Pinkster Sondag, Kersfeesdag en 'n klomp ander kerklike feesdae te veel om te noem. **Hierdie reeks van Rooms-Katolieke feeste en vasdae is alles mensgemaak.** Geeneen dra die Goddelike geloofsbriewe van die Outeur van die geïnspireerde Woord nie." -M.E. Walsh.

POUSLIKE MAG WORD STEEDS STERKER

Eusebius van Caesarea was pous Sylvester se raadgewer en 'n godsdienstige adviseur van Konstantyn. In hierdie verklaring erken hy dat die verandering van Sabbat na Sondag met die kerk in Rome ontstaan het.

"Alle dinge wat ook al vir die Bybelse Sabbat voorgeskryf was, het ons na die Here se dag oorgedra, as synde gesaghebbender en agtingswaardiger en eerste in rangorde en eerbiedwaardiger as die Joodse Sabbat." - Bishop Eusebius, aangehaal in J.P. Migne, *Patrologie*, pp.1169-1172.

Geen effektiewer ramp kon God se mag en gesag getref het as om die Sabbat-seël van die Dekaloog (Tien Gebooie) af te skeur en in sy plek 'n mensgemaakte plaasvervanger, wat geen Bybelse basis vir heiligheid het, te plaas nie.

VERVOLGING VAN SABBATHOUERS VERSKERP

Geleidelik, met verloop van tyd, was addisionele dekrete uitgevaardig wat op Sondae gedoen kon word. Rus en godsdienstige byeenkomste op die Bybelse Sabbat was verbied.

Elke wet het strenger geword; elke straf swaarder. Satan was en is steeds vasbeslote om die Sabbat te verwoes, omdat dit 'n deel van God se wil vir die mensdom is.

In elke geval vind ons dat menslike wette die dag wat God uitdruklik beveel het, onderdruk het. In die plek daarvan was 'n dag verhef waarvoor God geen voorsiening gemaak het nie, naamlik die dag van die son.

Verseker, hier het ons 'n identifiserende kenmerk, 'n bewys van die vasbeslotenheid van mense om die wil van die God van die hemel uit te tart

en om hulle eie tradisies in die plek van die dinge wat God beveel het, daar te stel. "Dit is die merk van 'n man."

Vir ons vandag is daar slegs een hulp: Ons moet besluit dat ons die Bybel sal bestudeer en, deur die genade van God, sal gehoorsaam.

Mense was in die verlede gewillig om te sterf vir wat die Bybel sê. Is ek en jy vandag gewillig om dieselfde te doen?

Om beter te leef is om Bybels te leef. Neem standpunt in vir God se heilige Sabbat, moenie weifel nie en andere mag jou voorbeeld navolg.

DIE MERK VAN KATOLIEKE GESAG

As gevolg van die besluit wat by die Konsilie van Trent (1645-1563) geneem was, is Katolieke skrywers heel trots op die feit dat hulle die Sabbat na Sondag verander het en verklaar manmoedig dat dit die MERK van hulle gesag is.

"Natuurlik, die Katolieke kerk maak daarop aanspraak dat die verandering haar daad was; dit kon nie anders wees nie, omdat niemand in daardie dae sou kon droom om enigiets in geestelike en kerklike en godsdienstige sake sonder haar te doen nie. **En die daad is 'n MERK van haar kerklike mag en gesag in godsdienstige sake.**" - Kardinaal Gibbons, 'n brief gedateer 7 Julie 1895.

"Sommige nie-Katolieke het beswaar teen die vaevuur, omdat geen spesifieke vermelding daarvan in die Skrifte is nie. Daar is ook geen spesifieke vermelding van die woord Sondag in die Skrifte nie. Die Sabbat word vermeld, maar Sabbat is Saterdag. Nogtans, die Christene van bykans alle denominasies aanbid op Sondag, nie op Saterdag nie. Die Jode onderhou Saterdag. Nêrens in die Bybel word verklaar dat

aanbidding van Saterdag na Sondag verander moet word nie." -Martin J. Scott: *Things Catholics Are Asked About*, 1927, p. 336.

"In al hulle amptelike handleidings maak Protestante aanspraak dat hulle godsdiens op die Bybel en die Bybel alleen gebaseer is en hulle verwerp Tradisie as selfs 'n deel van hulle geloofsreglemente.....

Daar is geen plek in die Nuwe Testament waar dit uitdruklik verklaar word dat Christus die dag van aanbidding van Saterdag na Sondag verander het nie. Nogtans, alle Protestante, behalwe Sewendedagadventiste, onderhou die Sondag - Protestante volg Tradisie in die onderhouding van die Sondag." - *Our Sunday Visitor*, Junie 1950.

"Bewys vir my uit die Bybel alleen dat ek gebonde is om Sondag heilig te hou. Daar is geen so 'n gebod in die Bybel nie! Dit is 'n gebod van die heilige Katolieke kerk alleen. Die Bybel sê: Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Die Katolieke kerk sê: NEE. Deur my goddelike mag **Skaf Ek Die Sabbatdag Af** en beveel jou om die eerste dag van die week heilig te hou. En siedaar! Die hele beskaafde wêreld buig neer in eerbiedige gehoorsaamheid aan die gebod van die heilige Katolieke kerk." - Priester Thomas Enright: *The American Sentinel R.C. Journal*, Junie 1893, p.173.

ONS MOET AAN GOD GETROU BLY

Dit is dringend dat ek en jy aan die Skepper God, wat ons die Bybelse Sabbat gegee het, getrou bly. Deur die genade van Christus moet ons Sy heilige Tien Gebooie wet onderhou.

God skrywe alles in Sy boek. Hy weet alles van die besluite van mense. Luister na hierdie Skrifwoorde: **Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van my af. Maar**

tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. - Mattheüs 15:8-9.

Sy priesters verkrag my wet en onheilig my heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; daarby maak hulle hul oë toe vir my sabbatte; ja, Ek word onder hulle onheilig. - Esegïel 22:26,

In die eerste aantal eeue het die volk van God geweet dat die Bybelse Sabbat 'n gedenkteken van die Skepping was, terwyl die Sondag 'n gedenkteken aan die songod was. Die een was die Skeppingsabbat, en die ander een was die afgodsabbat. Die toestand het vandag nie verander nie.

MY TOEWYDING

My kosbare, hemelse Vader, hoe baie het ek U elke dag nodig! As mense in vervloë eeue so ver van U kon afdwaal, hoe dringend is dit dat ek elke dag naby aan U sy bly! Hoe moes dit U groot hart van liefde seergemaak het toe daardie mense probeer het om van U Sabbat ontslae te raak! Asseblief, Vader, help my om getrou aan U tot die einde te bly. In Jesus se naam. Amen.

8. Vance Ferrell: *The Bible Guide. A Fascinating Journey through Bible Truth*, pp. 466-503.

Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai - Gal. 6:7.

9. KOM UIT BABILON

'N DEFINISIE VAN DIE KERK

Die kerk moet die fondament van waarheid wees. Die enigste rede om enige kerk by te woon is nie omdat ons ouers dit bygewoon het nie, nie omdat ons familie dit bywoon nie, nie omdat dit naby die huis is nie, nie omdat ons ons lewe lank lidmate daarvan is nie, nie omdat ons van die mense hou wat daarheen gaan nie, maar eerder, omdat ons met ons hele hart glo dat hierdie kerk getrou aan die leringe van die Skrifte is. As die kerk wat jy bywoon nie die Skrif volg nie, dan wil God hê dat jy dit ernstig moet oorweeg of jy die regte kerk bywoon.

Iemand mag vra: "Gegewe die baie kerke wat ons vandag het, is dit regtig moontlik om te weet dat God 'n ware kerk in hierdie laaste dae het?"

OPENBARING DEFINIEER DIE WARE KERK

Johannes beskryf die identifiserende kenmerke van God se laaste-dae oorblyfsel in Openbaring 12:7. Daar beskryf hy 'n Goddelik-voorspelde volk wat hulle lojaliteit aan God deur gehoorsaamheid demonstreer. Johannes sê: **Die draak [Satan] was vertoorn op die vrou [kerk], en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge [die oorblyfsel] wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.** Hier lees ons van die oorblyfsel. Lees ons van 'n oorblyfsel in die Bybel dwarsdeur die eeue? Ja. Het God altyd 'n oorblyfsel gehad? Verseker.

Wil jy graag die oorblyfsel volk van God vandag vind? Dit is hulle wat, uit groot liefde vir Jesus en in reaksie op Sy offer aan die kruis, die gebooie van God wil onderhou. Drie keer beskryf die boek Openbaring God se ware, laaste-dae kerk as hulle wat Sy gebooie onderhou. Openbaring 14:12

voeg by: **Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooe van God en die geloof van [en in] Jesus bewaar.**

God se volk, Sy oorblyfsel, sal in die laaste dae al Sy gebooe, insluitende Sy Sabbat [Saterdag], onderhou. Volgens die Bybel self, kan enige kerk, wat nie die ware Sabbat onderhou nie, nie die oorblyfsel wees nie. Dit mag goeie dinge leer; dit mag die Bybel gebruik en mense help om Jesus te vind. Maar dit is nie die oorblyfsel van God vandag nie. Volgens die Skrif, die oorblyfsel van God **bewaar [onderhou] die gebooe van God.**

Het God dit nie eenvoudig gemaak om die identiteit van Sy oorblyfsel te ontdek nie? Hy het 'n duidelike toets gegee. Hy het dit eenvoudig gemaak, maar mense probeer om dit gekompliseerd te maak.

Iemand mag dink: *Dit maak geen verskil of 'n persoon die Sabbat onderhou en of 'n kerk die belangrikheid om die gebooe van God vandag te onderhou gehoorsaam nie.* Maar wat sê jou Bybel?: **Salig is die wat sy gebooe doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.** - Openbaring 22:14. Manne en vroue wat deur Jesus Christus gered is, wat van hulle sonde deur Sy genade gereinig is, wat Hom liefhet, sal Sy gebooe onderhou en sodoende deur die hekke daardie stad binnegaan. Ja, vriende, die Bybel gee ons 'n toets. Is die kerk wat jy bywoon 'n Sabbat-onderhoudende kerk? Is dit 'n kerk wat die noodsaaklikheid van gehoorsaamheid leer?

GOD SE WEKROEP TOT JOU

Glo jy die Bybel, God se Woord, is belangriker as tradisie? [Die HAT definieer tradisie as: 1. Die oordra van geslag aan geslag, mondelings of in geskryf, van geestelike besittings, kultuurgoedere. 2. Die navolging van vaste, oorgelewerde gebruike, menings, gevoelens, beginsels, ens. 3. Gebruike wat binne 'n groep oorgelewer is]. Het jy Christus as jou persoonlike Verlosser aangeneem? Glo jy Jesus kom regtig weer? Het jy

die waarheid omtrent die Bybelse Sabbat en die toestand van afgestorwenes aanvaar? Daar is mense wat vir my vra: "Kan ek nie in my kerk bly en dit hervorm nie?" God sê jy moet uit Babilon kom. Jy mag wonder: "Kan ek die waarheid glo en bly net waar ek is?" Vriend, in elke afvallige- of wêreld-gelykvormige kerk is daar lidmate van God se onsigbare, ware kerk wat, as hulle veilig wil wees, moet uitkom. God roep jou om uit te kom, omdat Babilon geval het.

Die beroemde Katolieke outeur, kardinaal Gibbons, sê: *"Rede en begrip vereis die aanvaarding van die een of die ander van hierdie alternatiewe: òf Protestantisme en die heilig hou van Saterdag, òf Katolisisme en die heilig hou van Sondag. Kompromie is onmoontlik."* - Catholic Mirror, 23 Desember 1893. Ek stem volkome met kardinaal Gibbons op hierdie punt saam. Die Katolieke kardinaal was reg toe hy gesê het dat kompromie onmoontlik is! Hierdie kwessies is te duidelik. Hulle vereis 'n keuse. Hierdie getuienis vereis 'n beslissing. God roep manne en vroue om standpunt in te neem.

Luister na die woorde van die Skrif: **Hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon.** - Openb. 18:2. Die moederkerk het geval. Haar tradisies het geval. Hierdie kerk, met klere van skarlaken en pers, het geval. Haar stelsel van beelde het geval. Alle instellings met die vals lering aangaande die toestand van afgestorwenes en die Sabbat het geval. Hulle het van die Skrif as die enigste gesag van geloof en praktyk afgedwaal.

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie (vers 4). Daar is nie 'n manier om in Babilon te bly sonder om in haar sondes te deel nie. Babilon het geval! Daar is geen manier wat jy haar kan verander nie. Jou sending, jou taak is om uit te kom.

God roep opregte manne en vroue uit daardie kerke wat van die bedwelmd-makende drank van Babilon gedrink het. Binnekort gaan die tyd uitloop. Binnekort sal elke mens sy of haar finale keuse moet maak: ten volle vir Christus of ten volle vir tradisie; òf aan die kant van waarheid òf aan die kant van dwaling; staan jy op die Skrifte of staan jy by mense en menslike plaasvervangers.

Ons enigste veiligheid is om uit elke kerk te kom wat op tradisie gebaseer is, wat beelde in sy aanbidding gebruik, wat van die bedwelmd-makende drank gedrink het en wat steeds Sondag-aanbidding beoefen en wat in die onsterflikheid van die siel glo. God se wekroep is om uit te kom!

Jesus het gesê: **My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.** - Johannes 10:27. Hy sê: My kind, ek doen 'n beroep op jou. Ek het My skape, My volgelinge, in elke kerk. Ek doen 'n beroep op alle denominasies om hulle vooraf-gevormde opinies ter syde te stel en die Bybel te volg. Ek spreek tot harte oral om uit te kom uit daardie kerke wat op tradisie gebaseer is.

Met jou Bybel in jou hand, sê vir Jesus: Ek kan nie anders nie; ek moet uitkom. Ek hoor U roepstem tot my hart. Ek sien hoe die heidendom en die Christendom in daardie vroeë eeue verenig het. Ek sien die saak nou baie duidelik. Ek sien dat God Sy klein oorblyfsel uit roep en ek het besluit om vir U, Here Jesus, standpunt in te neem. Ek is gewillig om uit te kom, selfs al beteken dit dat ek alleen staan. Omdat ek U liefhet, begeer ek om deel te wees van U gebooië-onderhoudende volk. Ek hoor U stem saggies fluister: **As jy My liefhet, bewaar My gebooië.** Ja, Here, ek sal volg!

As jy nie gewillig is om 'n verandering in jou lewe te maak wanneer God die waarheid aan jou openbaar nie, sal jy nooit in staat wees om die waarheid te verstaan nie. As jy tevrede is waar jy is, as jy in jou standpunt

vasgeanker is en sê: Ek sal nooit 'n verandering maak nie, sal jy nooit God se waarheid ken soos jy behoort nie. As jou verstand toegesluit is vir toekomstige openbarings, word dit onmoontlik om werklik die waarheid te ken. Voor ons werklik kan weet wat God wil hê ons moet doen, moet daar diep in ons harte 'n gewilligheid wees om te sê: Here, as dit 'n verandering behels om U waarheid te volg, gaan ek daardie verandering maak. Here, as dit 'n herrangskikking van my lewe beteken, maak U die verstelling, want ek wil U volg.

Maar iemand vra: Kan jy regtig seker wees van die waarheid? In Johannes 8:32 beantwoord Jesus self hierdie vraag. Hy sê: **Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.** Jesus sê: As julle die waarheid wil ken, as jy in jou hart begeer om dit te weet, as jy gewillig is om 'n verandering in jou lewe te maak soos wat God die waarheid aan jou openbaar, sal jy dit ken. Jesus sê: Ek sal die waarheid aan jou in my Woord openbaar.

Vriend, dit is geen toeval dat jy hierdie boekie gelees het nie. Van die miljoene mense in die wêreld het die Gees van God jou by hierdie punt in jou lewe gebring om iets wonderliks aan jou te openbaar. Die Gees wil die glorieryke feit aan jou openbaar dat God 'n beweging [kerk] in hierdie laaste dae van die aarde se geskiedenis het. Wil jy nie besluit jy gaan deel wees van God se laaste-dae beweging [kerk] wat in harmonie met die profesieë van die boek Openbaring tot stand gekom het nie?

Die Sewendedag Adventiste Kerk is die beweging met 'n eindtyd bestemming wat God in die boek Openbaring voorspel het. Dit is daardie beweging wat God self aangewys het. Dit het al die identifiserende kenmerke wat die Skrif beskryf.

Vader, ek glo U het 'n plan vir elke lewe. Ek glo U bring die waarheid tot my hart op die regte tyd, sodat ek daarop kan reageer om U in geloof te

volg. Dwarsdeur die eeue van sonde het U 'n volk, 'n kerk gehad wat getrou aan U was. U het 'n oorblyfsel in hierdie laaste dae voordat Jesus kom en ek wil deel van U ware oorblyfsel kerk wees. Help my om my beslissing te maak om U te volg. Dankie Vader. Amen.

9. Mark Finley - *Why so Many Denominations?*

10. GELOOF EN MOED

Dit was nie die bedoeling van God dat Israel vir veertig jaar in die woestyn moes swerf nie; God wou graag vir Israel direk na Kanaän lei en hulle daar as 'n heilige, gelukkige volk vestig.

Maar ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie. - Heb. 3:19. Net so is dit ook nie die wil van God dat die wederkoms van Jesus Christus so lank vertraag moet word en dat Sy volk so lank in hierdie wêreld van sonde, smart, droefheid en verdriet moet vertoef nie. Ongeloof het hulle van God geskei. In ontferming teenoor die wêreld word Jesus se wederkoms vertraag, sodat sondaars die waarskuwings kan hoor en in Hom skuiling soek, voordat God se gramskap oor die aarde uitgestort sal word.

Nou, soos in vorige eeue, sal die verkondiging van waarheid opposisie opwek en stimuleer. Baie met kwaadwilligheid in hulle harte val die karakters en motiewe aan van hulle wat onpopulêre waarhede wil verdedig. Elia was as 'n moeilikheidmaker in Israel beskou, Jeremia 'n verraaier en Paulus 'n besoedelaar van die tempel. Van toeka se dae tot nou word hulle, wat lojaal is teenoor die waarheid is, as opruiers, kettters en mense wat kerkskeuring veroorsaak, veroordeel. Die geloofsbelydenis van heiliges en martelare, wat voorbeelde is van heiligheid en rotsvaste integriteit, boesem moed in by diegene wat nou gevra word om vir die waarheid en as getuies vir God op te staan. Aan die diensknepte van God in hierdie tye

word die opdrag gegee: **Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin. En verkondig aan My volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes.** - Jes. 58:1. **Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit My mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku.** - Eseg. 33:7.

Die groot struikelblok vir die aanvaarding van waarheid is die feit dat dit ongerief en verwyt veroorsaak. Dit is die enigste argument teen die waarheid, een wat sy kampvegters nog nooit in staat was om te weerlê nie. Maar ware volgelingen van Christus wag nie totdat die waarheid eers populêr begin word voordat hulle die waarheid verkondig nie. Hulle aanvaar die Kruis met die apostel Paulus se verduideliking: **Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n allesoortreffende ewige gewig van heerlikheid,** en nog 'n ouer voorbeeld van bemoediging verwysende na Moses, is: **en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte** - 2 Kor. 4:17 en Heb. 11:26.

Ons moet die waarheid kies, omdat dit die waarheid is, en die gevolge aan God oorlaat. Die wêreld is baie aan sterk manne van beginsels, geloof en moed, wat die groot hervormings moontlik gemaak het, verskuldig. Vir die hervorming en transformasie, wat nodig is vir hierdie eindtyd, word manne en vroue met dieselfde karaktereenskappe benodig.

11. DIE ONSEKERHEID VAN BESLUITELOOSHEID

BABILON
ROME



NUWE
JERUSALEM
SION

KIES JY VANDAG

Die Here roep elkeen van ons om wakker te skrik, want die einde is naby. Elke verbygaande uur is een van aktiwiteit in die hemelse howe om 'n volk op aarde gereed te maak om 'n rol te speel in die groot tonele wat binnekort oor ons gaan oopgaan. Hierdie verbygaande oomblikke wat skynbaar vir ons so min waarde het, is swaar belaaie met ewige sake. Hulle is besig om die bestemming van siele vir die ewige lewe of ewige dood voor

te berei. Die woorde wat ons vandag in die ore van mense uitspreek, die werke wat ons doen, die gees van die boodskap wat ons verkondig, sal 'n geur van lewe tot die lewe of van dood tot die dood wees.

Ken die waarheid en die waarheid sal jou vry maak. Amen! Nie so vinnig nie. Maar jy dink, wag 'n bietjie ...dit is Skrif. Ja, dit is Skrif uit

konteks geneem. Jesus het gesê: as julle aan My woorde **getrou bly**, is julle waarlik My dissipels en **dan** sal ons die waarheid ken en die waarheid sal ons vry maak (Joh. 8:31,32). 'n Blote kennismaking met Sy Woord doen ons weinig goed. Die seën kom van die "kennis" wat ons wen deur in Sy waarheid te leef - die "kennis" wat ons wen deur God in ons daaglikse lewens te ervaar.

"Niemand, behalwe hulle wat die verstand met die waarhede van die Bybel gefortifiseer het, sal deur die laaste, groot stryd staande bly nie." - *The Great Controversy*, p. 593.

Jesus het gesê: **Die Seun van die mens gaan saam met sy engele kom. Hy sal beklee wees met dieselfde heerlikheid as sy Vader en sal elkeen volgens sy dade vergeld.** - Mattheüs 16:27. Om die waarheid te sê, jou Bybel is vol sulke herinneringe aan 'n uur van verantwoording doen. As jou Bybel 'n dagboek was (en op 'n manier is dit), sou geel, nota papiertjies tussen al die bladsye uitgeval het om jou te herinner om gereed te wees vir jou afspraak met jou ewige bestemming. As jou Bybel 'n horlosie was (wat dit wel op 'n manier is), sou die alarm elke paar minute afgegaan het om jou te herinner om te begin gereedmaak. Maar ek en jy is so geneig om die sluimerknoppie te druk. Ons mompel: "Net nog 'n paar minute om te ontspan."

Here, bewaar ons van sulke selfopgelegde ledigheid. Help ons om elke ewige, geïnspireerde fragment van die waarheid te hoor wat uit die openbaring van die Woord van God voortvloei. Help ons om elke besonderheid raak te sien van wat die Gees wil hê ons moet sien. Anders is ons inderdaad blind - een lang optog van blinde mense wat mekaar heel gelukkig voortlei na 'n sloot so diep soos die vuurpoel.

Die Heilige Gees sal nie toelaat dat jy in jou toestand van blindheid vergenoeg raak nie. Hy het Paulus nie toegelaat om vergenoeg te raak nie.

Wees daarom verseker dat Hy ook nie vir jou sal toelaat om vergenoeg te wees nie. Hy smag daarna om die gordyne oop te trek en die lig te laat instroom wat jou wêreld sal laat skitter met al die helder kleure van die paradys.

Maar pas op - dit neem jou oë 'n rukkie om gewoon te raak aan die lig wat by 'n donker vertrek instroom. Selfs die prag van suiwer lig is aanvanklik pynlik. Maar selfs op daardie oomblik, selfs wanneer ons geestelike naaktheid pynlik blootgelê word, weet ons dat ons skande net 'n oomblik sal duur. Ons weet ons is geklee in die genade wat elke vlek uitwis.

In die woorde van Clare H. Scott se lied:

Open my eyes, that I may see
 Glimpses of truth Thou hast for me;
 Place in my hands the wonderful key
 That shall unclasp and set me free.
 Silent now I wait for Thee,
 Ready, my God, Thy will to see;
 Open my eyes, illumine me, Spirit divine!

Ons is te maklik tevrede met ons bekwaamhede en dit wat ons bereik het. Ons voel ryk en het baie goed en weet nie dat ons **ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie**. - Openb. 3:17. Nou is die tyd om ag te slaan op die vermaning van die getroue en waaragtige Getuie: **Ek raai jou aan om van My te koop goud [geloof - 1 Pet. 1:7] wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere** [Dit is die suiwer, vleklose karakter wat Christus se ware volgeling besit. Dit is die geregtigheid van Christus, Sy eie, vleklose karakter, wat deur geloof aan almal wat Hom as hulle persoonlike Verlosser aangeneem het, deelagtig gemaak word.] **dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf [die Heilige Gees - Hand. 10:38] om jou oë te salf, sodat jy kan sien [geestelik kan sien].** - Openb. 3:18.

Dink weer aan die geskokte woorde van Saulus toe Jesus aan hom op die pad na Damaskus verskyn het. Saulus het twee vrae uitgeroep na die skitterende vorm wie se heerlikheid sy oë blind gemaak en hom van sy perd af geslinger het. Watter een van hierdie twee vrae is in hierdie stadium van jou lewe vir jou die relevantste?

- Wie is U Here?
- Here, wat wil U hê moet ek doen?

Selfs al verg dit verskeie dae van vas en gebed, fokus op hierdie vrae totdat Christus jou in die greep van sy genade vasvang. As jy al jare lank 'n Christen is, fokus op die laaste vraag, en herbevestig dat jy doen wat die Here wil hê jy moet doen: dat jy die volmaakte wil van die God van alle genade doen.

Leer die diepsnydende Skrifgedeelte wat die kern vorm van die boek Romeine, van God se Woord, van God se karakter en van elke mens se lewe. Romeine 8:28 is die hoeksteen van die aktiwiteit van my en jou lewe. Dit is waarskynlik die bekendste sin wat die apostel Paulus ooit geskryf het - en vir seker die een wat die meeste aangehaal en gememoriseer word. Christene klou tydens die storms in hulle lewe aan hierdie vers asof dit 'n stuk dryfhout op die oop see is.

Hier is dié vers, so bekend soos jou huisadres: **Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.** - Romeine 8:28.

Die belofte van Romeine 8:28 gaan saam met 'n voorwaarde. Wanneer ons God liefhet, word hierdie wonderlike, vaste beginsel waar in ons lewe. Wanneer ons God verwerp, bereik die gebeure in ons lewe 'n totaal ander einde.

Maar dalk het jy opgemerk dat daar 'n bykomende faktor is wat die mense beskryf op wie hierdie belofte van toepassing is. Dit is vir:

- Dié wat vir God liefhet
- Dié wat volgens sy besluit geroep is.

Hoekom tref Paulus hierdie onderskeid? Is dit dan nie dieselfde mense nie? Ja. Paulus beskryf die ontvangers van hierdie seën vanuit twee verskillende perspektiewe. Die menslike hoek is **dié wat Hom liefhet**. Die Goddelike hoek is **dié wat volgens Sy besluit geroep is**.

Dié wat Hom liefhet is dié wat gekies het om hulle in hierdie wêreld met Hom te vereenselwig. Paulus deel nog 'n pragtige belofte oor hierdie mense met ons: **Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet**. - 1 Kor. 2:9. Ons kan ons die wonderlike gawes wat God vir ons voorberei het nie voorstel nie. Jakobus 1:12 vertel ook vir ons dat dié wat vir God liefhet die ewige lewe as oorwinningsprys sal ontvang.

Dié wat volgens Sy besluit geroep is, is dieselfde mense, gesien vanuit God se perspektief. Hierdie woorde herinner ons daaraan dat, al is God se gawe so wonderlik, ons nie maar agteroor in 'n leunstoel kan gesit en hulle selfsugtig geniet nie. Die oomblik dat ons verlos word, kry ons ons bevel. Ons werk terwyl ons die gawes geniet. Ons word geroep en aangestel volgens Sy besluit. Hy het vir ons werk om te doen en ons moet dit ons lewe lank doen.

Dalk is dit om die **goeie boodskap wat vir ewig van krag bly** (Openbaring 14:6) te verkondig. Dalk is dit om die drie engele se boodskappe te verkondig (Openbaring 14:6-12). Dalk is dit om uit Babilon [die vals godsdienssisteem] te kom (Openbaring 18:4). Dalk is dit om jou vir die

eindtyd voor te berei en ander help om dit te doen. Dalk is dit om jou verhouding met Jesus Christus te verstewig. Dalk is dit Vra die Heilige Gees om jou hierin te lei.

Dit was Moody wat gesê het: "Ek is oortuig dat as ons hierdie wêreld wil bereik, dit gedoen moet word deur doodgewone manne en vroue."

Droster of dissipel?


Hieroor het baie van sy dissipels omgedraai huis toe en nie meer saam met Hom gegaan nie. - Joh. 6:66.

Ons neiging is om terug te lê en te baai in die herinnering aan die wonderlike ervaring wat ons gehad het toe God Sy wil aan ons geopenbaar het. Maar as 'n Nuwe Testament-waarheid [standaard] aan ons deur die lig van God geopenbaar is, en ons nie probeer om daaraan te voldoen nie, of selfs nie geneig voel om dit te doen nie, dan begin ons terugval [afvallig word]. Dit beteken dat jou gewete nie op die waarheid reageer nie. Jy kan nooit dieselfde na die openbaring van 'n waarheid wees nie. Daardie oomblik merk jou as iemand wat óf voortgaan met selfs groter toewyding as 'n dissipel van Jesus Christus, óf as iemand wat omdraai en as 'n droster weggaan.

"As jy nie **in die lig lewe** nie (1Joh. 1:7), sal jy tot 'n vlak van gevangenskap terugsak wat nooit deur ons Here in die vooruitsig gestel was nie. Om verstandelik **aan die gesig uit die hemel ongehoorsaam** te wees (Hand. 26:19), sal jou 'n slaaf van idees en standpunte maak wat heeltewel vreemd aan Jesus Christus is." - Oswald Chambers: *My Utmost for His Highest*.

Alleen diegene wat ywerige studente van die Skrifte is en wat die liefde vir die waarheid aangeneem het, sal beskerm word teen die verskriklike bedrog wat die wêreld sal oorval. Almal sal getoets word. Deur versoeking sal die opregte Christen geopenbaar word. Is die volk van God nou so onbeweeglik gevestig op God se Woord dat hulle nie sal toegee aan die getuienis van hulle sintuie nie? Sal hulle in so 'n krisis vasklem aan die Bybel en die Bybel alleen? - Die Groot Stryd, p. 625.

Alleen diegene wat hulle verstand versterk het met Bybelse waarhede, sal staande bly in die groot stryd. Elke siel sal voor die vraag te staan kom: Sal ek God gehoorsaam liever as die mens? Die beslissende uur het reeds aanbreek. Staan ons voete op die rots van God se onveranderlike Woord? Is ons gereed om onwrikbaar te staan in die verdediging van God se geboorte en die geloof van Jesus? - Die Groot Stryd, p. 593.



Dink aan jou voorgangers wat vol geloof en onverskrokke eerder die brandstapel en lees verkies het as om teen Jesus en Sy Woord te draai en dwaalleer te aanvaar.

Ek het die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. - Judas 1:3.